Vrae en Antwoorde oor die Seëls

[’n Broer praat in ’n ander taal. ’n Ander broer gee ’n uitleg. Gemeente bid hardop—Red.]

Onse Hemelse Vader, ons is voorwaar dankbaar vir hierdie tyd wat ons weer rondom die Woord van God kan verkeer, in die Teenwoordigheid van God. Ons is so dankbaar dat U met ons is, vanmôre, om ons te help en ons te seën. Ons vra vergifnis van ons sondes, dat ons lampe met Olie kan gevul word, en geknip en aan die brand wees, dat U ons nou tot eer van U groot Naam sou gebruik. Want ons vra dit in die Naam van die geliefde Seun van God, Jesus Christus. Amen.

Mag maar sit.

2 Ek het net ingekom toe ek daardie boodskap hoor uitgaan het. So ek’s . . . Dit is waar dat ons nodig het om ons lampe gevul te hou, hou ons . . . Julle weet, wanneer die . . . Soos jy brand, kan jy nie gaan op wat jy nou gedoen het nie. Sien? Want, vuur, wat uit olie brand, maak ’n koolstof. So dis hoekom die knip van die . . . julle lampe geknip te hê, as gevolg van die koolstof bo-op die punt van die—van die pit. Baie van julle mense van omtrent my ouderdom, toe ons altyd die—die steenkool olielamp gebruik het, sien, hulle . . . Dit—dit sou—dit sou ’n koolstof bo-op kry, waar dit gebrand het, en dit sou die lig belemmer. So jy moet al die koolstof weggeknip hou, en dat ons kan “uitstrek na wat voor is, na die doel van die hoë roeping in Christus.”

3 Nou, dis ’n—dis ’n groot, lieflike oggend, buitekant en binne, soos hierdie Paasseisoen nou naderkom.

4 En—en ons kom nou, vanaand, by die laaste Seël uit, as die Here wil. En Dis ’n baie misterieuse Seël, baie, baie, want Dit word nie eens—Dit word nie eens iewers in die Skrif genoem nie, geen simbole, of enigiets om aan vas te hou nie. Dit moet net direk van die Hemel af kom.

5 En dit—dis ’n—’n soort van ’n gespanne uur vir my. Dit was al, die hele week. Nou dit is my . . . is my agtste dag in ’n kamer. En ek het hierin opgelet, baie, in hierdie versoeke, ek moes soort van uitsoek. Daar was baie van hulle wat onderhoude wou hê. En ek—ek hou daarvan. Ek sou daarvan hou om dit nou te—te gee, sien, maar ek—ek kan nie op die oomblik nie. Want, julle verstaan, dat die—die hele van wat ons nou probeer doen, is om die openbaring van—van die wil van die Here te vind, julle sien. Dan wanneer jy die onderhoud het, dan trek dit jou weg, oor na ’n ander kant van iets anders toe, sien.

6 En, dan, en soos in gebed vir die siekes, dit is heeltemal anders. Jy . . . Dis visioene en dinge; jy bestudeer anders, en jy—jy word anders gesalf. Dis net soos die Bybel daar gesê het: "'n—'n Boom wat geplant is by die—die riviere van water." "Riviere van water," sien, dieselfde water, maar daar is 'n uitlaat wat *hierdie* kant toe kom, *hierdie* kant toe, en *hierdie* kant toe. Hang af van watter uitlaat. Dis dieselfde Gees.

7 Paulus, Een Korinthiërs 12, het dieselfde ding gedoen, van gepraat: "Daar is baie gawes, maar dis dieselfde Gees."

8 So, julle sien, as jy werk, soos, met een ding, dan verander word om na hierdie ander ding *hier* oorkant toe te kom. Julle weet wat ek bedoel. Jy—jy bestudeer in daardie rigting, jy kry die mense . . . En nou is hulle harte almal ingestel: "Wat is hierdie Seëls?" Hulle aandag: "Wat is Dit?" Aand na aand, wanneer ek hier inkom, is daar so 'n spanning, dat ek oor iets anders moet praat; net om dit soort van stil te kry—kry, julle sien, en, dan, tot die Heilige Gees die Seël oopbreek. En dan—dan moet ek, elke aand soortgelyk. Dan wanneer jy dit na genesing of iets verander, sien, julle . . . Die mense is almal op een ding ingestel. Jy kan dit mos nou nie, net so, terugverander na die ander nie.

9 En—en dan, ook, in die wete dat daar dinge reg onder julle aan die gebeur is, sien, dat ek—ek is net . . . Ek—ek weet. Ek weet julle—julle sien dit nie, sien. Ek is net seker julle sien dit nie, sien. En julle sê: "Broer Branham, vir jou is dit 'n harde ding om te sê." Ek weet dit is.

10 Maar, kyk, laat ek dit net nou sê. Ek reken hierdie is net bande vir onsself, ensovoorts. Maar laat ek dit sê, sien. Dat, julle—julle het nie . . . Julle begryp dit nie, sien, en julle is nie veronderstel om dit te begryp nie. So moenie probeer om enigiets te interpreteer nie, sien. Moenie probeer om julle interpretasie daaraan te voeg nie; julle dwaal net—julle dwaal net verder weg. Neem net my raad aan, as julle my nou glo, as God my guns in julle oë gegee het—het.

11 En julle weet, dit, daardie openbaringe en dinge. Ek—ek was 'n lang tyd hier by julle, sien, en dit was altyd reg. En nou om dit dubbeld te bewys, as reg, dit sluit reguit aan by die Woord. Sien? So, julle weet Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis presies. Sien, Dis aan julle bewys.

12 Nou neem my advies, as julle broer. Moenie julle eie interpretasie by enigiets voeg nie. Gaan julle net voort en lewe 'n goeie Christelike lewe. Want, jy sal jouself net wegdraai van die ware ding as jy dit doen. Sien? Jy, jy sal jou pad net weer wegdraai van die ding.

13 En almal van julle is bewus en weet dat daar iets misterieus aan die gang is. En dit is aan die gang. En ek weet wat dit is. Nou, ek sê dit nie net nie; dis die genade van God wat my laat weet wat dit is. Dis iets wat geweldig is. En dis nou weg, en daar

is nie 'n manier in die wêreld vir julle om dit te sien nie. En dis . . . Ek . . . Maar, so help my, met hierdie Bybel in my hand, ek weet wat dit is. Dis al vantevore vir julle vertel. So moet net—moet net nie probeer om enige interpretasie te voeg nie, maar glo my net, as julle broer. Sien? Ons lewe in 'n groot uur. Ons lewe in 'n tyd waar die . . . Wel, ons is . . .

14 Nou, wees net werklik nederig, wees 'n Christen, en probeer om vir God te lewe. En lewe eerlik met jou medemens, en hê hulle lief wat jou nie liefhet nie. Moenie probeer om enige . . . Julle sien, as jy dit doen, maak jy dit net 'n misterieuse iets, en maak die ware program van God deurmekaar. Sien?

15 Gistermiddag, het iets in my kamer gebeur, wat ek sal—ek nooit in staat sal wees om te—dit te los nie, julle sien. En so julle . . . En ongeveer twee weke gelede, het iets gebeur, dit sal nooit kan . . . Solank ek op hierdie aarde lewe, sal ek—ek nooit daarvan kan wegkom nie, sien. En, so, maar . . .

16 En die—die kerk, julle is nie veronderstel om hierdie dinge te weet nie, so moet geen interpretasie aan enigiets voeg nie. Sien? Gaan net voort en onthou net wat julle vertel is. Lewe 'n Christelike lewe. Gaan na jou kerk toe. Wees 'n ware lig waar jy ook al is, en brand net vir Christus, en vertel die mense hoe lief jy Hom het. En laat jou getuienis net vol liefde wees, die heeltyd, by die mense. Sien? Want, as jy dit nie doen nie, draai jy jouself daar in iets uit, en dan is jy—is jy van die gebaande weg af. Sien, elke keer wat julle dit probeer doen het, het julle dit gedoen. Sien? So moet net nie, moenie, moenie probeer om enige interpretasie te maak nie.

17 En veral, vanaand, wanneer daardie Seël opkom voor jou, sien, moet net nie probeer om Dit te interpreteer nie. Gaan net voort en wees net nederig, en gaan net reguit aan met dieselfde eenvoudige Boodskap.

18 Nou sê jy: "Broer Branham, is dit . . . Ons, as die Kerk van die lewende God, behoort ons nie . . . "

Wel, soos ek probeer het . . . Kyk hier, ek wil sê . . .

Sê: "Wel, hoekom kan ek nie? Ek behoort te hê . . . "

Nee. Nou, moenie.

19 Onthou, ek sê dit vir julle beswil. Sien, ek sê dit sodat julle kan verstaan. As julle my glo, nou, luister na wat ek julle vertel. Sien? Sien?

20 Nou, hier, nou hier is 'n paal, en, dit is, ons sal dit 'n luisterpos noem, sien. En binne dit is, het radio, sien, en daar is waarskuwings en dinge kan gedoen word. Soos 'n swaard in jou hand, sien, dit kan van die bose kies of kies van slegs wat dit . . . dit sy boodskap ontvang, sien.

21 Nou, maar nou, byvoorbeeld, vir die gewone man, het daar soveel kultusse en klieks ontstaan, oor klein uitstortinkies van

die Gees, totdat mense in 'n klomp goed opgewerk word, uitgaan en nog 'n klein beweginkie begin, en, julle weet, en—en ding. Sien? Julle wil nou nie dit doen nie. Sien? Nou, onthou net, bly net soos jy is.

22 En jy sê: "Wel, die Here wys. . . " Nee. Nou wees net versigtig, sien.

23 Kyk hier. Kom ek wys julle iets, sien. Het julle geweet daar is nou tienduisende stemme net hier in hierdie kamer? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Letterlik, stemme van mense wat deur die elektroniese golwe van radio kom! Hoekom hoor julle hulle nie? Hulle is stemme. Dit so? ["Amen."] Hulle golf nou reguit hierdeur. Daar is menslike vorme en liggame wat nou reguit deur hierdie kamer beweeg. Is dit so? ["Amen."] Wel, hoekom sien mens hulle nie? Sien? Hulle is hier, werklike stemme soos my stem. Wel, hoekom hoor julle dit nie? Sien? Dit moet eers iets tref, om dit te openbaar. Sien? Verstaan julle nou? ["Amen."]

24 Nou moet net niks interpreteer nie. As God wil hê jy moet enigiets weet, sal Hy dit vir jou stuur. Sien? So wees nou net baie, baie solied. Wees stil, iets het gebeur. En wees nou net baie. . . Julle verstaan wat ek bedoel, nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En wees net. . . Moenie jouself probeer snaaks maak, om 'n Christen te wees nie, want jy—jy neem jouself weg van God af. En jy—jy—jy. . .

25 As julle dit kan verstaan, hierdie is daardie Derde Trek. Sien? Julle—julle behoort dit nou die dag te begryp het. Sien? So dan, onthou net, daar sal geen nabootsing wees soos daar by die ander twee was nie. Sien? So, dis sover soos julle—julle nou behoort te weet. Onthou net—net dat. . .

26 Julle sien, nou, daar is iets wat in hierdie kamer plaasvind, en daar is Iets hier. Daar is—daar is, werklik, in hierdie kamer, Engele, Stem van God. Sien? Maar hoe kan jy. . . Jy kan nie. . . As jy nie die natuurlike stem kan hoor, sonder iets om dit uit te stuur nie, hoe gaan jy die geestelike Stem hoor?

27 Nou, jy mag jou ook verbeel, dat iemand *hierdie* sekere lied sing. Hulle mag selfs nie eens daar wees nie, sien. Maar wanneer dit die kristal werklik tref wat dit veronderstel is om te tref, dan gee dit 'n ware interpretasie, en wys, bevestig dit deur die prentjie te vertoon. Sien wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

28 Nou, die Gees van God, wanneer Dit deur die ware Woord spreek, bevestig Dit Homself, om Homself te wys, dat Dit reg is. Verstaan julle nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

Nou, laat ons net weer bid.

29 Hemelse Vader, ons is op die punt om te ont-. . . die blaaie van hierdie Boek oop te maak, en as die fisiese deel om—om te probeer teruggee van wat U vir ons in die geestelike sfeer

oopgemaak het. En nou bid ek, God, dat U my sal help om die regte interpretasie aan hierdie vrae te gee. Dat dit gesê mag word dat—dat hulle is. . . Hulle is veronderstel om die mense te help. Hulle moet hulle insig gee. En ek bid dat U vir my insig sal gee, dat ek Dit mag uitstuur na U mense, dat hulle mag insig hê, dat ons saam kan leef tot die lof en eer van God, deur Jesus Christus' Naam. Amen.

30 Nou, ek wou net dit sê.

31 En ek het gedink hierdie ding *hier* beheer daardie bande, maar dis nie so nie, sien. En dit is 'n—'n lessenaarlamp. En ek het gedink die bandkontroleerder was gewoonlik hier. Maar ek is aangesê om net 'n beweging aan die broers daar in die—in die kamer te maak, die opnamevertrek, en hulle sal weet wanneer om die bande te stop, en wanneer nie.

32 Sien, die bande het 'n wêreldwye bediening oral, sien, oral. Dit gaan in allerhande soorte tale en alles. So daar is dinge wat ons net hier sê, wat ons nie iewers anders sou sê nie, julle sien, en dis hoekom ons dit stop.

33 Nou, om vrae te beantwoord, is die. . . nogal iets. So, ek—ek nou. . . In—in die. . . in beantwoording hiervan, die meeste daarvan, die meeste van die vrae, behalwe. . . Nou, elkeen. . . Sommige van hulle het glad nie eens betrekking op die Boodskap nie, maar ek gaan, of, glad nie die Seëls nie, maar ek gaan probeer om hulle te beantwoord. En hulle is aan my gegee, en soos hulle vertel is. Ek is die meeste van hulle vertel. Of, 'n klomp van hulle was oor versoeke vir gebed, en die siekes en beproefdes. En—en verskillende dinge soos dit, dit gaan aan, en dus het dit nie enigsins betrekking op enige vraag om beantwoord te word nie. En dan hulle. . . Ek is 'n klomp gegee wat was—wat oor verskillende dinge was, die Skrif en dinge; maar dalk, as ons tyd het, sal ons hulle na die beste van ons vermoë, beantwoord. Nou, en as ek 'n fout begaan, wel, onthou, dis nie bedoel om 'n fout te begaan nie.

34 So voel almal goed? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. Is dit nie so. . . Praat van Hemelse plekke in Christus Jesus, wat 'n wonderlike plek, wat 'n wonderlike tyd!

35 Van al die tye wat ek agter die preekstoel by die tabernakel was, het ek nog nooit, nooit, in enige tyd van my bediening, ooit in die sfere van God en die geestelike sfere gewerk soos dit hierdie tyd was; bo enigiets wat ek ooit in enige tyd van my bediening gedoen het, in enige byeenkoms, enige plek, soos dié nie. Meestal, is dit oor genesing. Hierdie is openbaring van Waarhede, deur dieselfde Gees, selfde Gees.

36 En ek—ek was heeltemal op my eie, en het by 'n plek loseer, of afgegaan en by 'n plek geëet. En ek was net alleen, so dit was regtig 'n wonderlike tyd gewees nou.

37 En nou, dadelik, óf in die oggend, óf die volgende oggend, het ek . . . Waarskynlik, as ons betyds kan klaarkry, sal ek net vanmôre vir die siekes bid, as hierdie vrae nie te lank neem nie.

38 So ek—ek moet 'n tydjie alleen kom, sien. Die menslike verstand kan net soveel verduur. Sien? En wanneer jy op 'n plek kom waar jy vir 'n uur sit, verlam deur die Teenwoordigheid van God, en 'n Ligkolom daar voor jou hang, kan jy—jy dit nie te lank bly nie, julle sien. Die menslike wese kan nie, kan dit nie verduur nie.

39 En so, nou, hierdie vrae is regtig lekker. Ek waardeer, en die wysheid en dinge wat mense gebruik. Nou, vir die eerste een. En ek sal hulle probeer beantwoord. En dan as ek—ek dit nie regkry nie, wel, dan vergewe julle—julle my.

40 En as jy 'n ander interpretasie het, en glo dat jou idee daarvan reg is, wel, gaan net reguit voort. Dit sal nie seermaak nie, want daar is nie meer as omtrent een of twee van hulle wat enigsins op saligmaking betrekking het nie. Dis net . . .

41 Meeste van die vrae is, gevra, oor hierdie ander kant van die verdr- . . . of oor die Wegraping van die Kerk. So, sien, dis vrae hier oorkant, wat nog moet kom en sal gebeur, oorkant in die ander dele. Want, ons is nou verby die kerkeeu, in ons onderrigtinge in—in die Boek. Ons is verby, oorkant in die tyd van die roeping van die honderd vier-en-veertigduisend. Nou, die eerste een hier:

173. Is die vyf wyse maagde, van Matthéüs 25, diensknegte van die—van die Bruid, of is hulle die Bruid? Sien? As hierdie wyse maagde diensknegte van die Bruid is, waar is die Bruid?

42 Sien, nou, ten beste van my insig, is hierdie vyf maagde . . . Daar was tien van hulle, julle weet, wat uitgegaan het, sien. En hierdie hier is net 'n simbool, of 'n gelykenis, sien, wat—wat ek vir julle gaan vertel. Sien, daar was tien van hulle. Daar was, natuurlik, meer as tien. Dit het net 'n getal uitgemaak. Maar, dan, die—die wyse maagde het Olie in hulle lampe gehad. Die dwases het nie Olie in hulle lampe gehad nie.

43 "So as daardie tien daar, van Matthéüs, as . . . " Dit is die—die persoon se vraag. "As daardie tien, daar, het dit beteken dat dit sou wees die . . . of hierdie vyf, liewer, dit sou net vyf wees, sien, net vyf mense?" Nee, dit beteken nie dit nie.

44 Dis net 'n simbool, van die maagde, julle sien, van die maagd wat uitgegaan het met Olie in hulle lamp. Hulle is 'n deel van daardie Bruid. En soos ek dit verstaan . . .

45 En dan let julle op, nou, dat hulle die maagde van die laaste waak was. Deur die wake afgekom, was daar sewe wake. En in die sewende waak, die middernaguur, wat ons nou ingaan, sien. Nou, in hierdie middernagwaak, het hierdie maagde wakker

geword en hulle lampe geknip, en ingegaan; terwyl die slapende maagd . . .

46 "Nou, hierdie deel hier, hierdie vyf," as dit die betekenis van die vraag is, wat bedoel: "was daar net vyf?" En ons het baie vrae hierin, oor die—die seweduisend, ensovoorts. Nou, dit, dit was net 'n simbool, deel van hulle. En almal wat in hierdie laaste eeu hier wakker geword het, die sewende waak, wat . . . "As daar nie net—net vyf was wat teen daardie tyd wakker geword het nie, wat weggevoer is, saam met die Bruid ingegaan het, ensovoorts, die Bruidegom nie? Nou as hulle self . . . "

47 Dit beteken nie daar gaan net vyf wees nie. Want, hulle is aan die slaap, deur al die eeue heen; soos ons hierdie week gekom het, sien.

48 In die dae van—van Paulus, die engel van die kerk by Efése; Paulus, wat hierdie kerk gestig het, die boodskapper daarvan was. Onthou, Paulus, wat die kerk by Efése gestig het, het die boodskapper van daardie kerk geword. En die Gees, wat op daardie tyd in die land was, was 'n leeu Gees. En die leeu is die Leeu uit die stam van Juda, wat Christus is, en Christus is die Woord. Paulus, met die Woord van daardie eeu! Duisende het in daardie eeu aan die slaap geraak. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

49 Dan kom die volgende eeu, en teen die tyd dat die kerk tot stilstand gekom het in—in die donkereeue, het die os Gees uitgegaan; werk, arbeid, en opoffering, en hulle lewens gegee. Duisende maal duisende het aan die slaap geraak, onder martelaarskap en alles. Hulle wag nou, sien.

50 Dan, en die volgende eeu kom, die Lutheraanse, die hervormer-eeu. Daar het die slimste, in listigheid van die mens, uitgegaan. As julle sal oplet, die mens het daarmee uitgegaan, en, toe hy het, het hy sy eie skerpsinnigheid bygevoeg. Dis wat hom met die ander deel laat trou het, sien. Sien? As hy net by God se wysheid gebly het, net hervorm het en uitgebring het . . . Maar wat het hy gedoen? Na daardie man wat die boodskap gehad het, Luther; na die dood van Luther, het hulle 'n Lutherse organisasie gehad.

51 Na die dood van Wesley, het hulle 'n Metodiste organisasie gehad. Sien? Daar, jy gaan die heeltyd so aan. Dit—dit net . . . Dit doen dit. Nou wil ek hê julle moet—moet—moet hierna oplet, sien. Nou, iemand mag oor die Pinkster vra, wat die—die derde eeu was.

52 Julle sien, elkeen van daardie eeue het net 'n induik in die Heilige Gees gehad. Regverdigmaking is 'n werk van die Heilige Gees; heiligmaking is 'n werk van die Heilige Gees; maar die doping *is* die Heilige Gees. Dis hoekom dit 'n profetiese Profeet moes wees wat afgekom het. Geen boodskapper vir die eeu nie,

want die Heilige Gees het Self, in Sy volheid afgekom, van die doping.

53 Maar aan die einde van die eeu, soos dit altyd by die ander geëindig het, vind ons dan, daar, die boodskapper word gestuur. En al hierdie gewetensbesware en dinge moet so op hulle plekke geplaas word, dan kom die Wegraping vir die Kerk.

54 Maar sovele plaas al hierdie verskillende dinge: "Die son sal verduister, die maan. . . " Hulle plaas dit hier ver terug in die Christen-eeu. Hulle sien net nie daardie drie vrae wat vir ons Here daar gevra is, sien, toe Hy hulle geantwoord het nie.

55 Nou, gisteraand, dink ek was daar glad geen vrae nie. Ons het elkeen van daardie vrae geneem en hulle reg onder die Seëls geplaas. En die Seëls is die hele Boek bymekaar, op Sigself.

Glo jy dit, doktor? ['n Broer sê: "Ja."—Red.]

56 Sien, die hele ding het net bymekaar gevoeg. En ons het geneem wat Jesus hier gesê het. Hulle het drie vrae gevra, sien: "Wanneer sal hierdie dinge wees? Wat sal die teken van U Koms wees? En wat is die einde van die wêreld?" En Hy het reguit afgekom. . . En ons het hulle, elkeen, daaronder uitgebring, behalwe een. Wat was dit? Sewende Seël. Hoekom? Sien, dis nie bekend nie. Dis dit. Elkeen van hulle het reg uitgekom. Ek het parallelle getrek tussen hulle, presies, oor-en-weer.

57 En, ek, toe ek gisteraand geskryf het, en daar ingegaan en begin het om. . . Ek het teruggegaan om na my ou notas te kyk wat ek destyds daar af—afgeneem het. Wel, ek het gesien waar ek een in die ander een se plek gesit het, soos dit. Ek het hulle, oor-en-weer, gekruis. Dis wat ek gedoen het. Ek skat julle het dit agtergekom. Julle, het julle dit besef? Sien?

58 Ek het hier neergeskryf wat ek aan *hierdie* ander kant wou skryf, en dit *hier* geskryf. Het albei van hulle geskryf—geskryf, 9, 11, of 9, 6, of wat. . . of 6 en 11, en—en—en 9 en 11, waar dit nie so was nie. Dit was omgekeerd, die volgende vers onder dit. Sien? En dit was dit, die—die antwoord, tussen die pes en die oorlog, julle sien. Dis waar dit was.

59 So ek was net so bly! Ek het net tekere gegaan soos 'n—'n. . . Ek het die stimulasie van die openbaring geniet. So, ek—ek het dit, dit hier geplaas. Het daar met 'n potlood, of 'n pen gesit, en ek het 11 op albei plekke neergeskryf, waar dit nie moes gewees het nie. Ek dink dit was 9 in plaas van 11 vir die ander kant.

60 Maar nou, het julle gesien hoe perfek hulle parallel? Nou, moet dit nie vergeet nie. Hulle parallel af na die Sesde, en het gestop, sien. En kyk na—kyk na die oopmaak van die Seëls; dit kom af na die Sesde, en dan stop dit. Net: "Stilte in die Hemel," dis al wat dit gesê het: "vir 'n halfuur lank."

61 Nou—nou, in hierdie, sien, ek. . . ek sal moet gou maak en hierdie antwoord. Want, sien, elkeen van hulle is 'n vier weke

lange preek, julle sien, op—op elkeen, en jy dwaal net af op iets anders. Maar ek—ek bedoel nie om dit te doen nie, want ek wil by elkeen se vraag uitkom, sover ek kan.

62 Hierdie maagde, sien, hulle is opgemaak uit . . . Dis net deel van hulle, in daardie eeu, sien. Elke eeu het die maagde. Sien? 'n —'n Seël . . .

Die engel kom na die kerk toe. "Skryf aan die engel van die kerk in Efése." Sien?

63 Kom dan hier, dan ná die skrywe aan die kerk in Efése, as dit dan terug vergelyk, word 'n Seël oopgemaak. Dis net soos ons dit bring, dit alles by julle probeer uitbring, (sien wat ek bedoel?), as die Here wil.

64 Wat het hulle eers gehad? Kerkeeue. Dit reg? Volgende ding, die boodskap aan die kerkeeue. Is dit vir almal nou duidelik? Sien?

65 Eers, het ons die kerkeeue gekry, en die geskiedenis verkry, die Nicaea rade en voor-Nicaea rade neergelê, en alles wat ons in die geskiedenis kon kry, en uitgevind dat die korrekte interpretasie van die Woord presies soos die geskiedenis was. En het dit na hierdie dag toe afgebring, na hierdie Laodicéa. En jy—jy hoef nie die geskiedenis daarvan te hê nie; dit word nou geskiedenis, sien. Daar is dit. En, toe, gewys wat in hierdie eeu sou wees.

66 Nou kom ons terug met die Seëls, en maak daardie Seël oop. God maak daardie Seël vir ons oop. Wat is dit? Eerstens, is daar 'n boodskapper, kerkeeu; volgende is die Sewe Seëls.

67 Nou, vind ons uit van die korrupsie wat in die sewende kerkeeu toeslaan. Maar die Sewende Seël openbaar niks, wat daarmee gaan gebeur nie. Sien? Want, aan die einde van daardie kerkeeu sal daar 'n profetiese gawe kom om hierdie dinge te openbaar. Sien? Volg julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Let nou op hoe elkeen van daardie Seëls . . .

68 Dan kom ek hierby, en daardie drie vrae wat vir Jesus Christus gevra is: "Wat, wanneer sal hierdie dinge wees: 'Daar sal nie een steen op die ander wees nie'? Wanneer sal dit afgetakel word, hierdie godsdienstige sentrum van die wêreld, en 'n ander een opgerig word? Sien, wanneer sal dit wees?" Antichris rit! Sien? En wat het uitgegaan om dit tegemoet te gaan? Die Woord, die Woord teen die woord.

69 Toe het dit neergekom op politiek en die res, en daar gaan die os arbeid. Sien? Dis presies die tweede een hier. En Jesus het so gesê, in Matthéüs 24, sien. Dan kom ons af daarvandaan, tot die listigheid van die hervormers, die menslike Wese wat dit tegemoetgegaan het. Dis wat plaasgevind het. Dan kom ons af, die volgende, na die Vierde Seël toe, wanneer antichris 'n opeenhoping word, en 'n naam gehad het van: die "Dood."

70 Nou kyk wat Jesus gesê het: "En hy sou haar in die vuur gooi, en selfs haar kinders doodmaak." Dis die dood, wat daar ry. Dis beide Protestant en Katoliek, die merk van die dood op elkeen van hulle. Sien: "Sy en haar kinders vernietig word." So as jy op jou denominasie staatmaak, moet jy liewer nou dadelik daarvan wegkom.

71 En toe dit by die Sewende Seël gekom het, het Jesus net daar gestop. Hy het die Sesde Seël oopgemaak, deur te sê: "Die maan sou in bloed verander, en duisternis en alles." Hierdie dinge sou plaasvind. Ons kom reguit hier en maak die Sesde Seël oop. Na die Sesde Seël oopgemaak is, swaai dan reguit om en wys dieselfde ding.

72 Daar is dit, met drie verskillende plekke in die Skrif, is dit met die openbaring bymekaar gebring. Sien? Kyk. Die plek waar Jesus dit gesê het; die plek waar Hy toe die Boek oopgemaak het, dit was verberg van die grondlegging van die wêreld af; en toe die openbaring hier van hierdie dag, deur dit net daarin te plaas, het die drie saamgebind. En drie is 'n getuie. So, dis waar. Dis absoluut waar.

73 Nou, hierdie maagde wat hier aankom, hulle is diegene wat aan die slaap raak, en dan is die hele liggaam opgemaak uit daardie groep. Dit maak die. . . sien, om die—die wyse maagde te maak. En die dwase maagde is diegene wat daar oorkant op dieselfde tyd begin het as wat die wyse maagde begin het, antichris, en hulle is diegene wat Olie probeer koop.

74 Nou kyk net hier en sien hoe perfek, oral waar jy heengaan. As ek hier kon staan en die dinge sê wat in daardie kamer openbaar is, ek sê vir julle, sou dit julle koppe in die rondte laat draai. Maar hoe gaan jy dit doen, wanneer jy 'n hele ding hier het?

75 En dan wanneer jy, op een of ander manier, van mense af wegkom, dan begin dit geheimenisse oopmaak. Dan sien jy dinge wat jy ook nie vir die mense durf sê nie. Want, julle sien, as dit sou, sou hulle klein ismes begin.

76 En kom ons kyk dan wat hierdie klein gawe van genesing gedoen het, hoe dit die kerk verwar het. Almal het 'n sensasie gehad, almal het *dit* gehad; en reg onder in my hart, (God weet dis die waarheid), het ek geweet dit is nie reg nie, want Hy het vir my so gesê. Sien? Maar dis 'n valse nabootsing, net om die mense af te sit. Nou, dis reg. Nou, maar, julle sien, jy kan nie daardie dinge sê nie. Beste om dit daar te laat.

77 En onthou julle die Derde Trek? Hy het gesê: "Moet niemand vertel nie." Wat het ek gesê, is dit? Hoeveel onthou dit? Sekerlik. Onthou, het daar gestaan, en het probeer om daardie lyntjie te ryg deur daardie ogie in die skoentjie, in die visioen? Hy het gesê: "Jy kan nie vir Pinksterbabas bonatuurlike dinge leer nie."

78 Ek het gesê: "Dit sal die Derde Trek wees, en Dit sal nie bekend wees nie, so help my, deur die genade van God."

Nou—nou, ons is—ons is nou reg by die eindtyd. Dit sal nie te lank wees voor die Genadetroon die Oordeelstroon sal wees nie. Terwyl julle hierdie dinge sien inkom, en hierdie mense sien inkom, beter julle ook maar inkom, as julle nog nie in is nie. Sien?

79 Nou: "Vergader in Hemelse plekke," sien, dit beteken ook meer as om net te juig. "In Hemelse plekke," as julle regtig in Christus vergader is, is dit 'n vreesaanjaende ding.

80 Om by die . . . daardie Engel van die Here te staan, sou mens dink dat jy net sou uitroep en skreeu. Dit, dis nie so nie. Dit maak jou, byna, doodbang. Sien? So, julle sien, daar—daar's 'n verskil tussen net te juig en uitgelate te dans, wat in orde is, en dan op die eintlike ding te kom. Sien? Sien? Dis waar die vrees is. Dis 'n vreesaanjaende ding. Nié dat jy vrees jy is verlore nie; maar regtig voor Engelwese, en die Heilige Gees Self wat daar staan.

81 Nou, dit sal deel van die Bruid wees. Dis wat dit gaan uitmaak, sien, hulle almal wat slaap. En kan ons nie absoluut sien . . .

[Bandopname stelsel gee in. Leë kol op band—Red.] . . . bid nou dat U die genesing van die mense sal skenk, deur hierdie sakdoeke, op te lê. In Jesus' Naam. Amen.

Nou, is dit nou reg? [Die broers sê: "Amen."—Red.] Dankie. Iemand op iets getrap? ['n Broer sê: "Het te veel bandmasjiene op daardie lyn."] Te veel bandmasjiene het te veel druk daarop gelaai. Sien? Goed, ruil net om. Kry net 'n band en ruil die band om, en maak dit daarvan af. Nou, let nou op die volgende vraag.

174. Moet evangeliste voortgaan op die veld?

82 "In hierdie uur," is natuurlik, wat hulle bedoel. Sekerlik, al te seker. Verander niks nie. As Jesus in die oggend kom, preek vandag asof dit nog tien jaar van vandag af gaan wees, maar lewe asof dit teen hierdie uur sal wees.

83 Moenie—moenie nou verstard raak nie. Dis waaroor ek julle probeer waarsku, sien. Moet net nie snaaks, eienaardig wees nie. Moet niks verander nie. Maar as jy iets verkeerds doen of kwaad doen, bekeer jou, sien, keer terug tot God. Gaan voort met jou evangelistiese diens net soos jy altyd gedoen het.

84 As jy 'n huis bou, bou dit klaar. As Jesus môre kom, laat jy getrou by die plig bevind word. As jy 'n kerk bou, gaan voort, bou dit klaar. Ek sou liewer my geld in so-iets insit, as om met dit in my sak gevind te word. Sien?

85 So hou net—hou net aan, gaan voort soos jy is. Verstaan almal nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Gaan reguit voort, en gaan net reguit aan soos jy is. Nou, moet net—moet net nie stop nie. Moet niks doen nie . . . Gaan net reguit aan net soos jy is. Hou aan om die Here te dien.

86 Nou, byvoorbeeld, as jy—as jy vir 'n man gewerk het, en jy het geweet dit is vyftien minute voor sluitingstyd. "Wel," sou jy sê: "uh, nog net vyftien minute, so ek kan net sowel oorgaan en gaan sit." Jy sal jou loon vir daardie vyftien minute verloor.

87 As jy koring plant; plant jou koring. As jy aartappels spit; gaan aan, spit hulle uit. Sê: "Wel, niemand gaan dit eet nie"? Dit maak geen verskil nie. Spit hulle, in elk geval, uit. Sien? Ja. Gaan net voort soos jy is.

88 Ek het nou die dag 'n brief van iemand gekry. Iemand het vir hulle vertel, gesê: "Wel, die tyd is op hande. Verkoop die plaas. Nou, julle sal nie die kos nodig hê waarvan julle op die plaas lewe nie," gesê: "want hierdie Millennium gaan begin, en julle gaan dit nie nodig hê nie. So gaan net voort. . . En terwyl die Verdrukkingsperiode aan die gang is, julle kinders is nie gered nie, so laat hulle maar net. . . Laat—laat die kinders die plaas kry, waar hulle daarvan kan lewe, maar verkoop julle julle plaas," en—en, of so-iets. En, o, hulle het dit. . .

89 Ek het gesê: "O, goeiste!" As ek geweet het Hy kom môre, en ek was 'n boer, sou ek my oes vandag insit. Sekerlik. As Hy my 'n boer gemaak het, sal ek reg by my plig bly. Dis reg. As Hy my 'n werktuigkundige gemaak het, sê wat. . .

90 Iemand het nou die dag gesê, hy het gesê: "'n Kêrel het ingekom en gesê: 'Sê, broer, weet jy wat?' Hy het gesê: 'Ek gaan vir jou die tweede stel sleutels gee. Ek het 'n nuwe motor gekoop.' Hy het gesê: 'Ek gaan vir jou die tweede stel sleutels gee,' vir sy pastoor gesê. Gesê: 'Ek gaan vir jou die tweede stel sleutels gee, want die Wegraping mag kom, jy weet, en,' het gesê: 'ek sal dit nie meer nodig hê nie.'" Pastoor sou dit mis, julle sien. O! Dis gereedmaak, is dit nie? Goed. Maar dis—dis hoe dit is, sien, ons moenie so wees nie.

91 Ons moet 'n—'n gesonde, soliede Christen wees, sien, dat ek hier geplaas is om tot op die laaste oomblik te werk. Ek het 'n werk om te doen, en ek sal getrou bevind word reg op my pos. As Hy vanmôre kom, wil ek net hier in die preekstoel staan.

92 Julle sê: "Broer Branham, as Hy vanmôre sou kom, moet jy nie *daarbuite* wees nie?" Nee, meneer!

93 Hierdie is my pos van plig. Ek sal net hier staan, en preek, wanneer Hy kom, dieselfde dinge sê wat ek sê. Dan, wanneer Hy kom, sal ek net reguit aan saam met Hom uitbeweeg, sien.

94 As ek aartappels skoffel, sal ek net aanhou skoffel, net so hard soos ek kan. Wanneer Hy kom, sal ek net die skoffel laat val en laat vat.

Onthou in die jubeljaar? As hulle geskof—geskoffel het met 'n skoffel, het hulle net aanhou skoffel. Hulle het geweet die jubeljaar was dalk nog net tien minute, en die basuin sou weerklink met die jubeljaar. Hulle het net aangehou hooigerwe

gooi, wat hulle ook al gedoen het. Maar toe die basuin weerklink het, toe het hulle die hooivurk laat val, en gegaan. Sien? Dis hoe, hou net aan hooigerwe gooi tot die basuin blaas. Goed.

[’n Geraas word van iets daar naby gehoor—Red.] Vraag: “Volgens die oopmaak. . . ” Het dit. . .? Iets gebeur? Huh? Dit—dit het ’n geraas hierbo gemaak. ’n Vraag:

175. Volgens die oopgaan van die Vyfde—Vyfde Seël, moet—moet Moses en Elía sterf. Wat van Henog?

95 Ek weet nie. Sien? Ek—ek. . . As ek nie weet nie, gaan ek julle net sê ek weet nie. Sien? Ek—ek nie—ek ken nie al die antwoorde nie, mense. Ek—ek weet nie. En as ek nie weet nie, gaan ek vir julle sê ek weet nie. As ek wel weet. . . Ek sal ek julle nie sê tot ek wel weet nie, sien. Maar ek—ek weet nie.

96 Ek het self al baiekeer daaroor gewonder. Daar was Henog. . . Ek sien vir Moses kom, en vir Elía terugkom, en hulle word doodgemaak, sien, maar nou, Henog is voor tyd verander. Ek het self al dikwels gedink, en gewonder: “Wel, wat, wat daarvan?”

97 Maar, dan, hier is die enigste troos wat ek kan sê, is dit. Nou let op, Moses het God net veertig jaar gedien. Sien? Hy was—hy was honderd-en-twintig jaar oud. Maar twintig jaar. . . Die eerste veertig jaar, bedoel ek, het hy sy opvoeding gekry. Dit reg? Die tweede veertig jaar, het God dit uit hom uitgeneem. En die derde veertig jaar, het hy God gedien. Sien? Goed. Maar Henog het vyfhonderd jaar voor God gewandel, en was onberispelik. Sien? Sien? So, Moses kom terug om ’n bietjie meer tyd uit te dien; hy en Elía.

98 Nou, dit, ek sê nie dis reg nie, sien. Ek gee julle dit net vir ’n gedagte, sien. Maar om net te sê watter deel, weet ek nie. Ek kan julle regtig nie sê wat—wat daar gebeur het, of wat God sal doen nie.

176. Wat is die—die naam van die. . . wat op die mense van Openbaring 3:12 sal wees?

99 Ek—ek weet nie. Ja. Hy het gesê: “Gee hulle ’n nuwe naam.” Ek—ek—ek weet nie wat dit is nie, sien. Dit sal waarskynlik bekend gemaak word wanneer ons daar kom, maar ek—ek weet nie nou wat dit is nie, sien. Sien, Hy gaan dit doen. Sien? Hy gee hulle ’n nuwe naam wat—wat net hulle self geweet het. Sien?

177. Nou, Broer Branham, is daar enige Skrif wat troue toelaat na ’n egskeiding? Hierdie is baie belangrik.

100 Dit sê: “Belangrik.” Wel, dis hoekom. . . Dit het nie hierop betrekking gehad nie. Sover as ek kan sien, my broer, of suster, wie dit ook al mag wees, is daar nie, tensy jou metgesel dood is. Want, die Bybel het gesê: “Ons is verbonde aan hulle solank soos hulle lewe.” Sien?

101 Dus, so—sover daar "enige Skrif" is? Dis wat hier gevra is: "Is daar 'n Skrif?" Sien? "Is daar enige Skrif?" Nie wat ek kan vind nie, sien, nie wat ek kan vind nie.

Want, Paulus het gesê dat die—die getroude paar: "As die metgesel dood is, dan is hulle vry om dan met wie hulle ook al wil, in die Here te trou." Maar tot dan, maar, kyk, dat jy dit opneem: "Tot die dood ons skei." Dis reg. Jy het klaar 'n eed daaroor geneem, jy sien.

102 So, ek dink nie daar is nie. Nou, as daar is. . . As jy enige gevind het, en dis korrek, wel, goed—goed. Maar, wat myself aan betref, ek—ek vind nie enige nie.

178. Wat beteken "kyk dat jy nie die olie en die wyn beskadig nie," in Openbaring 6:6?

103 Dis die Heilige Gees. Sien? Ons het pas daardeur gekom. Moontlik iemand, julle weet, wat 'n bietjie laat vir die Boodskap ingekom het, hulle. . . wel, vir die ander bande, julle sien.

"Moenie die olie en die wyn beskadig nie." Wat beteken die olie en die wyn?

104 Die Olie, soos ons dit in simbole geneem het, beteken die Heilige Gees. Sien? Wyn is die. . . en olie, is verbind, in die Bybel, in aanbidding. Sien? En die wyn, soos ons dit plaas, dis waar ek die idee gekry het: "Die stimulasie." Wyn stimuleer. En wyn, in sy—sy antitipe van sy natuurlike, van stimulasie, is openbaring.

105 Nou, dink net. Wat stimuleer die Kerk? Openbaring. Sien? So, wyn, die nuwe wyn, sou wees. . . Nou kyk. Die olie en wyn het saamgegaan, in offerande; het saamgegaan, in—in die kerk aanbidding. Nou let op, saamgevoeg in simbool, verbind.

106 As jy 'n konkordans het, kyk en sien 'n hele streep waar wyn en olie bymekaarkom in aanbidding. As julle 'n—'n Cruden's het, wel, dit sê dit daarin.

107 Nou let op hierna. Maar nou, julle sien, die olie is altyd die Heilige Gees. Ons vind dit oorkant in Eségiël. En ons vind dit in die Ou Testament. Ons vind dit regdeur die Nuwe Testament.

108 Waarom salf ons die siekes met olie? Ons salf die siekes met olie, want dit simboliseer die uitstorting van die Heilige Gees oor hulle. Sien? Ook, die wyse maagd het Olie gehad; die dwase het geen Olie, Gees, gehad nie, sien. Nou, dit is die Olie. En dan die wyn, dit—dis. . . As die olie voorstel, vir God voorstel. God is Gees. Sien?

109 God is Woord. "In die begin was Woord; Woord was by God. Woord is vleesgemaak, en dit was God." Nou, dan, as die Woord nou in. . . nou hier in 'n natuurlike vorm sit, is die wyn die water soos, dit, of die openbaring wat daardie interpretasie van die Woord openbaar, wat die gelowige stimuleer, julle sien. Goeiste, hulle sê net: "Ek het Dit nog nooit vantevore gesien nie! Goeiste! Glorie!" Wat is dit? Sien, stimulasie, sien, van openbaring.

110 Ek het dit ook nie geweet voor ek nou die dag daar gesit het nie. Sien? Nou, dis: "Wat beteken die olie en wyn . . .?" Dit is: "Moenie beskadig nie." Dit was die swartperd ruiter. En dit was gedurende die tyd van die donkereeu, die derde eeu van die—van die kerk. Let op. En, daarin: "Daar is net 'n klein bietjie Daarvan oor, net 'n klein bietjie, maar moet Dit nie beskadig nie."

111 En ek glo as julle dit kry, die—die Derde Seël, op band, sal julle . . . sou julle dit daar vind, waar ons dit in details, of in detail liewer, verduidelik het.

179. Broer Branham, is die Lam se Boek van die Lewe, en die Boek van die Lewe, dieselfde Boek?

112 Sekerlik, sien, want dis waar die hele verlossing geskryf is, in hierdie Boek. Sien? Hulle name was in . . . Jy sê: "Wel, ons naam is op die Lam se Boek van die Lewe, Broer Branham. Ek—ek het dit, nou die aand, opgekry." Nee, jy het nie. Nee, jy het nie. Jy het net, nou die aand, uitgevind dit is daarop, dit was . . . sien, want hulle name is voor die grondlegging van die wêreld geskrywe. Sien? Dis, dis alles dieselfde Boek, sien.

180. Nou, Broer Branham, is dit waar dat—dat elke Jood, wat gebore is sedert Christus gekom het, gered sal word? En wie is die honderd vier-en-veertigduisend? Is hulle die voorbestemdes wat met die Heilige Gees verseël moet word? En wat is hulle sending?

113 Daar's omtrent drie vrae in een, daar. Maar, hier, eerste een:

Is—is dit waar dat elke Jood wat gebore is sedert Christus gekom het, wat in die wêreld gekom het, gered sal word?

114 Nee. Niks sal gered word nie, net diegene wie se name geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, Jood of Heiden. Sien? Dis al. Die Boek hou daardie geheimenis, en die Boek ontvou dit nou eers; nie elkeen se naam nie, maar wat die geheimenis van die Boek is, terwyl dit daardie name uitroep. Verstaan julle dit nou uiteindelik? Sien?

115 Die Boek sê nie: "Nou, Lee Vayle sal in die tyd van hierdie kerkeeu gered word, of—of Orman Neville," of—of wie ook al nie. Nee, dit sê nie dit nie. Dit wys net die geheimenis, ontvou die geheimenis van wat die ding is. Maar ons, self, glo Dit, deur geloof. Dis wat ek nou die aand gesê het.

116 Iemand het gesê: "Wel, dis nie nodig dat ek dit eens probeer nie. Broer Branham het gesê daar gaan net een uit Jeffersonville uit gered word." Sien? Nou, sien, dis net om 'n gelykenis te wys. Dit—dit—dit is nie, dit—dit is nie dit nie. Daar kan duisende gered word. Ek weet nie. Ek hoop elkeen van hulle word gered, sien, maar ek weet nie.

Maar hier is hoe ek dit wil glo: "Ek is daardie een." Glo jy dieselfde vir jouself. As jy dit nie glo nie, dan is daar iets verkeerd met jou geloof; jy is nie seker wat jy doen nie.

117 Hoe kan jy—hoe kan jy daar opstap in die aangesig van die dood, wanneer jy nie te seker is of jy gered is of nie? Sien? Hoe kan jy hier afstap en vir hierdie kreupel man, wat hier blind en inmekaar lê, sê: "SO SPREEK DIE HERE. Staan op! Jesus Christus maak jou gesond"?

118 Hoe kan jy staan, daardie ou koue stywe liggaam wat daar lê, wat dood is, en vir ure en ure al dood is, en daar lê, koud en styf; en sê: "SO SPREEK DIE HERE, staan op jou voete"? Jy beter, jy moet weet waarvan jy praat. Sien?

119 Wel, sê: "Die dood eis alles op. Dis alles verby." Ja, maar wanneer die Woord van God geopenbaar word, en jy weet dis God, verander dit dinge. Dis reg.

120 Nou, ja, hierdie Jode is nie . . . Nie al die Jode sal gered word nie. Nee, meneer. Hulle sal nie gered word nie; net diegene wat . . . Wanneer Hy van—van Jood praat: "Jood," net as 'n naam wat aan hulle gegee is na hulle gegaan het . . . ek dink, Nebukadnésar, oorkant, het eerste begin om hulle "Jood" te noem, omdat die stam van Juda daarnatoe geneem is. En hulle is 'n naam van "Jood" gegee, nou, omdat hulle van Judéa afgekom het, en hulle het die naam van Jood gekry.

121 Maar, nou, Israel is anders. Israel, en Jood, is geheel en al verskillend. Elke Jood—elke Jood is nie 'n Israeliet nie, sien. Nee, hy is net 'n Jood. Maar, dan, Israel . . . Paulus het nooit gesê alle Jode sal gered word nie. Hy het gesê: "Die hele Israel sal gered word." Hoekom? Israel se naam, dis—dis die naam van verlossing, van destyds af. Sien? En die hele Israel sal gered word, maar die hele Judéa—Judaïsme sal nie gered word nie. Sien?

122 Net soos Heidene, sal daar wees 'n . . . Daar is duisende maal duisende van—van mense, ja, letterlik miljoene, in hierdie organisasies, en hulle noem "Christen, kerk van Christus," en allerhande sulke soort name. Dit beteken niks. Nie . . . Dit beteken nie hulle sal gered word nie.

Mense sê: "Nou, jy moet aan *dit* of *dat* behoort, 'n organisasie, 'n sekere organisasie. As jou naam nie op ons boek is nie, is jy verlore." Nou, dis sekte. Sien? Dis sekte. Sien?

123 Daar is net een manier hoe jy gered kan word, en, dit is: "Nie die een wat wil, of die een wat loop nie, die een wat . . . Dan, dis God Wat barmhartig is." En God, deur Sy voorkennis, het 'n Kerk voorbestem tot Sy eer, en dis diegene wat gered word. Reg. Nou, jou geloof is só Daar geanker!

124 Jy sê: "Wel, my geloof is Daar geanker." En kyk watter soort lewe lei jy. Jy sien, jy is nie eens geskik vir Daar nie. Jou anker is verkeerd. Jy het dit op sand in plaas van 'n rots. Die eerste ou golfie sal dit afgooi. Uh-huh.

125 Laat die Woord in iets geopenbaar word. "My kerk leer Dit nie!" Dit wys net daar dat jy op geen rots geanker was nie. Jy was in sand. Uh-huh. Dis reg. So, nou julle sien, nou.

En die honderd vier-en-veertigduisend, is hulle die uitverkorenes?

126 Ja, meneer. Dis Israel, geestelike Israel.

127 Dink net, daar sal miljoene van hulle daarin wees. Ek weet nie hoeveel nou daarin is nie; ek skat 'n hele groep, maar hulle sal nie almal gered word nie, want hulle is in Judéa. Sien?

Het julle enige idee hoeveel daar nou is? Ek weet nie. Maar hulle is waarskynlik . . . Na hierdie volgende vervolging begin opstaan . . . Hulle vermeerder teen . . . Julle weet, ek het 'n band oor hulle, wat ek nou saam met my weste toe vat na—na een van die—die—die Verbondskerke toe, wat by . . .

128 Dis net die ou . . . O, ek het nou vergeet. Dit het begin die . . . Hulle het hulle daaronder in Afrika. Nederduits Gereformeerd. Dis die Nederduits Gereformeerde kerk, wat die Verbond is. Nou, as daar enige van julle hier sit, sal ek vir julle sê hoekom. Julle hou nog vas aan daardie ou Heidelbergse Kategisme, en dis presies hoekom julle nog in die . . . nog Nederduits Gereformeerd is. So, julle kan opvryf deur 'n Amerikaanse naam. Dis—dis die ding daaragter, want julle leer uit daardie selfde kategisme, die ou Heidelberg. Vra vir jou pastoor of dit nie so is nie. Sien? So, nou, let op hierna.

'n Honderd vier-en-veertigduisend, is hulle voorbestemdes om deur die Heilige Gees verseël te word?

129 Ja, meneer. Dis presies reg. Goed. Nou, as daar enige . . . Nou as ek . . .

As ek nie geantwoord het, wat jou pas nie, wel, is ek miskien . . . Ek kan verkeerd wees, sien. Maar, hierdie, dis na die beste van my wete, jy sien. Dit is na die beste van my wete.

181. Broer Branham, terwyl jy geswoeg het of swo- . . . oor die saad van die slang . . . (Uh-oh, ek het nooit hierdie een raakgesien nie. Hierdie een het my ontglip.) **. . . saad van die slang, hierdie week, sal dit in orde wees om hierdie vraag te vra? My vriende het my gevra om Génesis 4:1 te verduidelik, en ek kan nie. Sal u my help?**

130 Dis—dis van die onderwerp af. Maar, in elk geval, ek sal—ek sal—ek sal my bes probeer, met God se hulp. Laat ons nou sien. Laat my bietjie nadink, net 'n klein bietjie. Ek dink dis waar sy gesê het: "Ek het 'n seun van die Here verkry." Ek—ek dink dit is. Ek dink Eva het dit daar gesê. Ek gaan naslaan, seker wees.

131 Want, ek het nou die aand gesê, sewe . . . in plaas van . . . sewehonderd in plaas van seweduisend. So dit maak my so senuweeagtig, sien, en jy moet net so mooi kyk. En die vyand aan elke kant, en jy—jy's bewus daarvan, jy sien. Ja, dis wat dit is.

En Adam het sy vrou Eva beken; en sy het swanger geword, en Kain gebaar, en gesê, Ek het 'n man verkry *met die hulp van die Here.*

132 Nou, ek gaan jou net 'n vraag beantwoord, my broer, of suster. En nou, onthou, nie—nie om jou toe te gooi nie, nee. Ek probeer jou help, sien. Ek het jou lief, en ek het die persoon lief wat dalk 'n kritikus daarvan mag wees. Maar ek dink nie hierdie persoon is krities nie. Hulle het gesê: "Help my," sien, want die mense glo dit, maar hulle is net nie voldoende deur die Gees geplaas, om te weet wat om vir die persoon te sê wat vir hulle dit gevra het nie.

133 Nou, sy sê hier wat die vraag is, ongetwyfeld, wat hulle sê: "Eva het gesê sy het hierdie man van die Here verkry."

134 Hoe dink julle kon daar ooit lewe kom as dit nie van die Here af gekom het nie, of dit nou reg of verkeerd is? Wie het—wie het vir Judas Iskariot in die wêreld ingestuur? Sê vir my dit. Die Bybel het gesê hy is "die seun van die verderf" gebore. Vra hulle net daardie een; sal wees soos 'n wurm in 'n suurlemoen, sien. Sien? Nou, julle sien, hulle kan nie—kan nie . . . Dit is.

135 Let op, dan, as jy vir hulle 'n bietjie meer tegniek wil neem. Kyk. Eva het hier gepraat, as jy dit in die taal wil neem waarin dit hier is, wat so geskryf is dat dit verborge is van die oog, die wyse en verstandige. Eva, hier, hoe dit geleer word, dat God die Een was van wie sy hierdie seun verkry het. En Hy's 'n Gees, en kan dit nie doen nie. Sien? Nou kyk hier, as julle dit wil oplet. "Ek het 'n—'n man van die Here verkry." Sien, jy kan dit nie enigsins laat klink . . . Maar dit moet die regte interpretasie hê, sien. Ja, meneer. Nee, meneer, indien wel, dan sal die gees . . .

136 En ons volg altyd die geaardheid van ons ouer na. Julle weet dit. Kyk na die baba, die geaardheid. Wel, dan, Adam was 'n seun van God; Eva was 'n dogter van God; reg, die eerste ding van die skepping van God, wat nie een stukkie van—van kwaad enige plek omtrent dit gehad het nie. Kwaad was nog nie eens bekend nie.

137 Waarom was Kain dan 'n leuenaar, 'n moordenaar, en alles anders? Waar het dit vandaan gekom? Vra jouself net daardie vraag. Dit was die saad van die slang. Sien? Sê die Bybel nie so nie? Hou sy saad van destyds af dop. Daarin, het hy geword . . .

138 Aan wie behoort die wêreld? Die duiwel. Wie beheer dit nou? Die duiwel. Presies reg. Die duiwel beheer die wêreld. Hy het vir Jesus gesê, gesê: "Sien hoe mooi dit is, al die glorie? Ek sal dit vir U gee, as U my sal aanbid." Sien, hy is die beheerder daarvan. Nou hy besit dit.

139 Nou kyk, sy kinders is slim; duiwel se kinders. Of, neem Kain se kinders, as julle wil, en bring dit reguit af deur die geslagte, en julle sal uitvind dat hulle slim manne was, elkeen van hulle.

140 Maar toe, toe hy vir Abel doodgemaak het; en God vir Set vir hom teruggegee het, was dit 'n tipe van die regverdige, om te verlos; om dood te wees en weer op te staan. En van daar af. . . Nou kyk. Nie van die eerste saad, van die natuurlike af nie; hulle het gesterf. Nou, het julle julle verstand oop? Sien? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Die eerste saad, van die natuurlike saad, net gewoonweg goed, dit het die moderne kerk, Abel, getipeer. Om daardie lyn te behou wat afgekom het, dat een gesterf het, sodat 'n ander kon opstaan, julle sien. So, dit moet wedergeboorte wees, weer. Begryp julle dit? ["Amen."] Goed, net sodat julle dit kan begryp, sien. Sien?

141 Daar het jy dit, die volmaakte tipe. So selfs die natuurlike mens, gebore uit—uit Adam, sy vader, wys daardie natuurlike verloop. Sal nie werk nie; die natuurlike mens kan nie die dinge van God sien nie. So daar was 'n Man wat natuurlik gekom het, en gesterf het, om daardie weer te herstel; en word in die dood van—van—van Abel voorgestel, en die vervanging deur—deur Set.

142 En kyk watter soort mense dit nou was, daardie gees wat uit hom na vore gebring is; nederig, boere, skaapwagters. Kyk wat uit hierdie wysheid van die wêreld hier gekom het; slim manne, bouers, en—en met metale, en allerhande skerp intelligensie en dinge. Kyk waar hulle opgeëindig het, Daar ver, ver onder, en God het elkeen van hulle vernietig, elkeen van hulle, en die nederiges gered. Het Jesus nie gesê, in Matthéüs 5, dat: "Die sagmoediges die aarde sal beërwe," nie?

143 So, ja, moet julle nie bekommer nie. Hulle het nie een voet om op te staan nie. Sien? Hulle glo nie dit is Kain se seun nie. Maar ons het 'n band daaroor, as julle dit in detail verduidelik sou wou hoor. Sien? Nee, meneer.

144 En ek het gesien hulle het 'n stuk in die koerant daarbo gehad, waar die wetenskap nou gaan bewys dat "Eva nooit 'n appel geëet het nie. Sy het 'n appelkoos gehad." Sien? Ek het die koerant nou daarbo by die huis, sien. "Dit was 'n appelkoos." Hoe—hoe ver kan mense . . . Dis 'n vleeslike verstand, sien.

"Dan ook, in werklikheid, het Moses nooit die water oorgesteek nie. Hy het deur 'n see van riete gegaan; het Israel by die boonste punt van die Dooie See oorgeneem. Daar was 'n klompie riete daar, 'n hele see van riete, net waar die waters eentyd was, en gesak het. En Moses het 'n kortpad geneem en daardie kant omgegaan." En die Ortodokse kerke het dit aanvaar. Julle het dit gesien. Die Ortodokse kerke het dit aanvaar, dat dit so was.

145 O, mens, kan julle nie daardie saad van die slang sien, daardie antichris, en die hele ding wat net daar lê nie? Sekerlik. Ja, meneer.

Broer Branham, bid asseblief vir my klein . . . (Wel, dis 'n gebedsversoek; ek sien dit.) **Bid vir my kleinseun, baie siek met griep. Hy is in die Riverview Hotel.**

146 Here Jesus, hierdie arme persoon hier het dit nooit net tevergeefs geskryf nie. Sy het U net goedsmoeds selfs rumatiekkoors van 'n seuntjie sien wegneem nou die aand. Sy weet dat U die groot God is, en ons stuur ons gebede op vir daardie ou seuntjie. In die Naam van Jesus Christus, mag hy genees word. Amen.

147 Wanneer iemand enigiets skryf, is dit nie tevergeefs nie. Hulle—hulle—hulle het 'n . . . Ongeag hoe eenvoudig dit vir ons klink, en hoeveel daarvan, maar—maar daar is iets daaragter, julle sien; daardie dame, daardie seuntjie, iets.

182. Is die Elía, wat vir die Jode gaan kom preek, die regte man wat op die aarde gelewe het, of sal hy die gees van Elía in 'n ander man wees?

Nou, dis, ek—ek is bevrees om te sê. Ek weet nie. Sien? Laat ek dit weer lees.

Is die Elía, wat vir die Jode gaan kom preek (o, ja), **die regte man wat op die aarde gelewe het, of sal hy die gees van Elía in 'n ander man wees?**

148 Nou, as ek dit reg kon antwoord, kon ek julle omtrent Henog sê, sien. Maar ek—ek kan dit nie doen nie, sien. Enigste ding wat ek weet, is, net, wat die Skrif sê wat dit sal wees. En nou mag dit wees dat die . . . Nou, ek—ek's soort van geneë . . . Nou laat ek dit so sê. En ek hoop die band, die broers oor die bande, sal dit verstaan. Ek is geneë om te glo dat dit gesalfde manne, met hulle gees, sal wees. Want, sien, hy sê: "Rus die . . . op Elisa nie? Rus die gees van Elía nie op Elisa nie?" Sien: "die gees van Elía." En hy het net soos Elía gedoen, sien. So, ek, as ek . . . Maar ek kan nie sê dis waar nie. Ek—ek weet nie, sien. Ek's eerlik met julle. Ek weet nie.

183. Broer Branham, sal u asseblief hierdie een vir my antwoord, oor die doop? Matthéüs 28:19 leer: "die Vader, Seun, en Heilige Gees." En Petrus, in Handelinge 2:38: "in die Naam van die Here Jesus." Wanneer het hierdie verandering plaasgevind in die Handelinge van die Apostels? Nou, ek glo: "in die Here Jesus."

149 Wel, broer of suster, wie dit ook al geskryf het, daar—daar het geen verandering plaasgevind nie, sien. Dit . . . En Petrus het presies gedoen wat Jesus gesê het om te doen. Nou, as iemand kom en sê: "Gebruik die titels van Vader, Seun, en Heilige Gees," het hulle gedoen wat Petrus gesê het om nié te doen nie, maar wat God gesê het om nie te doen nie. Sien? Nou, Jesus het gesê dat . . .

150 Ons sal net—net 'n tydjie neem, waar, ek wil net vir julle iets wys hier. Let op. Nou let op, as jy hier is, die persoon. Ek gaan

drie stukke materiaal hier neersit. Nou kyk. [Broer Branham plaas drie voorwerpe in posisie as illustrasies—Red.] *Dit* is die Vader, *dit* is die Seun, *dit* is die Heilige Gees; soos die drie-eenheidsmense dit glo, glo dat hulle drie aparte individue is. Hulle glo dit. Sien? Wel, dan, nou laat ek . . .

151 En dan in Matthéüs 28:19. Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy . . . " Nee, ek vra om verskoning. Ek haal nou Handelinge aan, of in Handelinge 2, dink ek. Nee, Lukas 24:49, haal ek aan. Hy het gesê . . . Laat ek dit lees, dan het ek dit, sien, en dan . . . want nou die dag het ek dit gesê toe ek nie . . . Ek wil seker wees dat ek dit reg het. Ek—ek ken die inhoud van wat jy daar sê, maar ek wil net kry presies wat Hy gesê het. Kom ons begin by die 16de vers van die 29ste. "Toe terwyl die elf aan tafel gesit het, die . . . "

> *Toe het die elf . . . na* die *Galiléa gegaan, na* die berg *waar Jesus hulle bestel het.*
>
> *En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid: maar sommige het getwyfel.*
>
> *En Jesus het nadergekom en met hulle gespreek en gesê, Alle mag* in hemele en op die aarde is aan . . . *Alle* magte *is aan My gegee in die* hemele *en op die aarde.*

152 Nou waar is die mag van God? Waar is God dan? As al die mag uit die Hemel, en al die mag wat op aarde is, gegee is, nou waar is God dan? Daar is Hy, sien. Dis wat met jou praat. Goed.

> *Gaan dan heen, en verkondig aan alle nasies, en doop hulle in die naam van die Vader, en van die Seun, en,* dan, *van die Heilige Gees.*

153 Nou die drie-enigheid sfeer daarvan: "Ek doop jou in die naam van die Vader, in die naam van die Seun, in die naam van die Heilige Gees." Dis nie eens in die Heilige Skrif nie. Sien? Hy het gesê: "Doop hulle in die Naam van die Vader, en van die Seun, en van . . . " Nie in die . . . en 'n naam voor elkeen sit nie. Een Naam! Kyk hier. Het nie gesê: "Doop hulle in die name" nie. N-a-a-m, een Naam: "In die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Sien?

154 Nou wil ek jou vra. Is "Vader" 'n naam? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Is "Seun" 'n naam? ["Nee."] Hoeveel vaders is hier? Watter een van julle het die naam "Vader"? Hoeveel seuns is hier? Hoeveel mense is hier? Sien? Wel, watter een van julle het die naam "Vader," "Seun," of "Mens"? Sien?

155 Soos 'n vrou eenkeer gesê het, sy het gesê: "Broer Branham, die 'Heilige Gees' is 'n naam. Dis 'n Persoon."

156 Ek het gesê: "Ja, Meneer. Ek is 'n persoon, maar my naam is nie 'Persoon' nie. Ek is 'n persoon, sien. My naam is William Branham; maar ek is 'n persoon."

Die Heilige Gees is 'n Persoon. Dis wat Dit is. Dis nie 'n naam nie; dis 'n titel van die Persoon van God. Sien? Dis 'n titel vir die persoonlikheid van God, wat Hy is. Nou—nou as . . .

157 Hy het gesê: "Gaan dan heen, en leer alle nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, en van die Seun, die Heilige Gees." Nie "in die naam van die Vader, naam van die Seun, naam van die Heilige Gees" nie. Of, nie "in die *name* van die Vader, en van die Seun, die Heilige Gees" nie, maar: "In die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." En as "Vader, Seun, en Heilige Gees" geen naam is nie, wat dan daarvan?

158 Sê maar dit is "naam," wel, watter een? As jy een van hulle 'n naam wil noem, watter naam is dit? Indien jy die titel 'n naam wil noem, dan watter naam, in watter titel is dit wat jy wil doop, die "Vader" of die "Seun"? Dis enkelvoudig, sien.

Nou blaai ons hier oorkant in—in . . . en dis die laaste boek van Matthéüs.

159 Soos ek dit altyd verduidelik het. As jy 'n liefdesverhaal lees, en het gesê: "John en Mary het vir altyd gelukkig saamgelewe." Sien, dis omdat jy nie—jy nie weet wie John en Mary is nie. Gaan terug na die begin van jou storie toe, vind uit wie John en Mary is. Sien?

160 Nou dis wat jy hier in Matthéüs doen. Jy lees net die laaste deel daarvan. Gaan terug na die begin van Matthéüs toe, en lees wat die storie is. Daardie is die laaste hoofstuk van Matthéüs, en die laaste verse.

161 Net soos jy 'n boek sou optel, en sê: "John en Mary het vir altyd gelukkig saamgelewe. Dit was John Jones en—en Mary *So-en-so*? Dit was . . . ? Nee, dit was John . . . ? Dit was John Henry en dit was *So-en-so*? Hierdie is John *Iemand* en *So-en-so*?" Nee, jy weet nog nie, jy sien. Die enigste ding om te doen, om seker te wees, is om terug te gaan in die boek en dit te lees. Sien, jy kan nie 'n stuk *hier* uitsoek nie. Jy moet die hele ding inmekaar sit, om die prentjie uit te maak.

162 Gaan nou terug na Matthéüs, die 1ste hoofstuk. En dit gaan en gee die geslagte, kom af met die 1ste hoofstuk. Dan kom dit af na die 18de vers toe, en sê: "Nou die geboorte van Jesus Christus was dan só." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

163 Nou, ek wil vir julle iets vra. Luister nou weer. Julle, noem julle dit. [Broer Branham wys na elkeen van die drie voorwerpe as illustrasies—Red.] Wie is *dit*? God die . . . [Gemeente sê: "Vader."] God die . . . ["Seun."] God die . . . ["Heilige Gees."] Nou, watter een is *dit*? ["Vader."] Watter een is *dit*? ["Heilige Gees."] Watter een is *dit*? ["Seun."] Seun. Goed. Nou, ons het dit nou. Nou wat het julle gesê is *dit*; God die *Wie*? ["Heilige Gees."] Die Heilige Gees. Goed. Nou, goed.

Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe . . . sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind met 'n kind van die . . .

164 [Gemeente sê: "Heilige Gees."—Red.] Nou, ek het gedink julle het gesê God was Sy Vader. Nou, daar is iets verkeerd hier; Hy kan nie twee Vaders hê nie. Julle weet dit. Sien? Nou daar is iets verkeerd. Nou watter een van hierdie Manne, as hulle drie Persone is, watter een van Hulle is Sy Vader? Die Bybel sê hier, duidelik: "Sy is swanger bevind met 'n kind van die Heilige Gees," God die Vader het niks daarmee te doen gehad nie. En Jesus het gesê God was Sy Vader, en ons weet God was Sy Vader. Dan, het Hy twee vaders gehad; nou is Hy 'n buite-egtelike, sekerlik. Sien nou waar jy jouself gekry het? Nou:

Toe het Josef, haar man, omdat hy regverdig was . . . nie gewillig *om haar openbaar te maak, hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei.*

Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, . . .

165 Onthou, hy was 'n goeie man, nou. En die hand van die Here is 'n hand soos nou; diegene wat voorbestem is, sal dit begryp. Sien?

Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here aan hom in 'n droom, . . .

Volg julle in julle Bybel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

. . . en sê, Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees . . . Maria, jou vrou, by jou te neem nie: want wat . . . haar verwek is, is van . . .

166 "God die Vader"? Het ek dit verkeerd gelees? [Gemeente sê: "Ja."—Red.] Het beslis. "Dit was in haar verwek is," het niks te doen met God die Vader nie, dis "die Heilige Gees." En nou weet ons dat God Sy Vader was. Is dit reg? ["Amen."] So wat is dit? Die Heilige Gees is God se Gees, natuurlik. Nou het julle dit. Sien?

167 God die Vader en die Heilige Gees is dieselfde Persoon, of Hy het twee pappas gehad. En dan watter—watter soort van 'n persoon aanbid jy? Watter soort God het jy nou? Sien? Sien? God die Heilige Gees, en God die Vader, is dieselfde Gees.

En sy sal 'n seun baar, . . . (hierdie Kêrel *hier*) *. . . en jy* sal *Hom noem . . .*

Wat? [Gemeente sê: "JESUS."—Red.] "Sy Naam!" ["JESUS."] Nou onthou.

. . . JESUS noem: want Hy sal Sy volk vir *. . . hul sondes verlos.*

Nou dit het alles *gebeur, sodat wat deur die Here deur die profeet,* na wie die Woord kom, *gespreek is,*

Kyk, 'n maagd sal swanger word, en 'n seun baar, en hulle . . . Hom Immánuel noem, dit is, as dit vertaal word, *God met ons.*

168 Wat is die Naam van God? Wat is die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees? [Gemeente sê: "JESUS."—Red.] Die Bybel het gesê "JESUS" was Sy Naam.

Toe het die kêrel wat dit eenkeer hier in die tabernakel wou debateer, gesê: "Broer Branham het hom uit almal van hulle losgewikkel, maar hy sal nie uit hierdie een uit kan nie." Gesê: "Hier wys dit drie verskillende persone, presies, perfek." Het gesê: "Matthéüs, 3de hoofstuk! *Hier* het Johannes gestaan, en preek; *hier* kom die Seun, aangestap om gedoop te word. Hy het in die water ingegaan, is deur Johannes gedoop; het opgeklim uit die water uit. En: 'Meteens,' gesê: 'het die hemele vir Hom oopgegaan.' En het gesê: 'Uit die Hemel het die Heilige Gees gekom, soos 'n duif wat neerdaal. En 'n Stem uit die Hemel, wat sê: "Dit is My geliefde Seun, in wie . . . "' Drie afsonderlike persone, sommer gelyktydig." O, goeiste!

169 Ja. Dit wys net dat mense sonder die doop, en nie geroepe tot die amp van—van 'n—'n prediker nie, geen reg het om agter die kansel te wees nie. Dis reg.

Ek—ek—ek kon daardie persoon nou neem, met die hulp van God, en hulle in so 'n moeilikheid wikkel, dat hulle duiselig sal voel. Kyk, ek gee nie om wat . . .

Nee, ek bedoel nie "ek" nie. Dit klink nie reg nie. Vergewe my. Ek het dit nie bedoel nie, Here. Ek het nie, nou nie. Ek het gevoel Hy keer my daarin, sien, so ek het nie bedoel om dit so te sê nie. Ek's—ek's jammer. Ek glo dat die Heilige Gees aan daardie persoon 'n geheim kan openbaar. Dit klink beter. Hmm.

170 Dis net soos om 'n instrument te stem, wanneer jy iets verkeerds doen. En jy kan as 'n Christen sê, jy het iets verkeerds gesê. Hy het nie daarvan gehou nie. Sien, dit het my daarin gebring. Sien? Ek is glad nie in die prentjie nie. Ek is net . . . wil selfs nie eens myself wees of niks nie. Net Hy, laat Hy die werk doen. Hy doen die geklank. Die basuin is 'n stomme; die stem daaragter, die een wat die klank gee.

171 Nou, kyk hier. Die man het die Woord verkeerd geïnterpreteer. Sien, Dis . . . Onthou: "Dis verberg vir die oë van die wyse en verstandiges; word geopenbaar aan die kindertjies."

Nou, *hier* is daardie een Persoon, Jesus Christus, wat op die aarde staan. Nou, hemele; natuurlik, daar is atmosfere daarbo. Nou hou dop: "En Johannes het getuig . . . "

172 Nou, daardie man sal moet sê: "*Hier* is God die Vader; en *hier* is God die Heilige Gees, soos 'n duif; en *hier* is God die Seun; wat drie persone maak." Dis verkeerd.

173 Johannes, wat *hier* agter staan, het geweet *dit* was die Lam. Johannes het gesê: "Ek het getuig, het die Gees van God soos 'n Lam gesien. . . " *Daar* is God die Gees, soos 'n duif, bedoel ek. Nou, daar is dieselfde ding wat ek nou die aand gesê het, julle sien; in plaas van sewehonderd, dieself-. . . Sien? Die Gees van God! Dit was die Lam *hier*. En die Gees van God, die Duif, was God. "Die Gees van God het uit die Hemel neergedaal. En 'n Stem uit die Hemel, wat sê: 'Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon.'"

"Alle mag in die Hemel en op aarde is in My hand gegee." Sien? Sien? Sien? Dis Hy. Nou wat was Sy Naam? [Gemeente sê: "JESUS."—Red.] Sekerlik. Sien?

174 So, wat die drie-enige teorie betref, dat dit drie verskillende Gode is, dit is heidens! Dit is nooit in die Bybel geleer nie. Dit is nooit in die leeu Boodskap geleer nie, maar dit is in die volgende aangeneem, wat antichristies was. Vra enigiemand wat jy wil, enige teoloog. Dit het nooit gekom nie, eers deur die doktrine van die Nikolaïete. Dit is waarom dit deurgekom het met Martin Luther; dis waarom dit met John Wesley voortgegaan het; en voortgevloei het tot in die Pinksters.

175 In die dae wat die Pinksters voortgekom het, het hulle die "Slegs Jesus" groep gehad. Nou dit is, weereens, verkeerd. Hoe kan Jesus Sy Eie Vader wees? Sien? So dit maak dit tot niet.

176 Maar daar is veronderstel om 'n arendtyd te kom. Sien? Dis die tyd wanneer Dit al daardie geheimenisse sal uitstryk. Sien?

177 "Vader, Seun, en Heilige Gees" is titels van die Here Jesus Christus. Kyk, al drie van hulle! Matthéüs het gesê: "Vader, Seun, Heilige Gees." Petrus het gesê: "Here Jesus Christus." Wie is die Vader? "Die Here het tot my Here gespreek: 'Sit aan My regterhand.'" Is dit reg? Vader; Seun, Jesus; Heilige Gees, die Logos wat uit God uitgegaan het. "Vader, Seun, Heilige Gees" is absoluut drie titels van die Persoon van God wat in—in—in drie verskillende maniere gemanifesteer is, of in drie eienskappe van Homself.

178 En om dit duidelik te maak, aan iemand wat nie sou verstaan nie, dis soos drie ampte van dieselfde God. Eintlik, is dit drie eienskappe van dieselfde God. God wat in drie, verskillend, optree; onder die Vaderskap, onder die Seunskap, onder die Heilige Gees bedeling. God is volmaak in drie. Onthou julle die antichris se getal, vier? Sien? God: "Vader, Seun, en Heilige Gees," is absoluut "Here Jesus Christus."

179 Wanneer jy doop, die Naam van "Jesus" alleenlik, is dit verkeerd, net dit: "Doop jou in die Naam van Jesus," dis absoluut verkeerd. Ek ken baie Jesusse. Wel, die Latynse lande is vol van hulle, Jesusse.

180 Maar hierdie is die "Here Jesus Christus," sê presies Wie Hy is.

181 Daar is baie Branhams, as julle van my persoonlik wil praat, weer ek's—ek's die één William Marrion Branham. Dit—dis ek. Maar daar is baie ander William Branhams, ensovoorts, hierrond.

182 Maar hierdie noem afsonderlik een Persoon, die Here Jesus Christus, sien, die Gesalfde. Daar is net Een van hulle. Nou, dis reg.

So, as daar nog enigiets meer daarvan is, skryf dan 'n brief of iets, of—of een of ander tyd wanneer ek op ander vrae is. Ek wil dit probeer klaarkry, sodat ek kan sien of ons party van hierdie siek mense kan kry wat ly, om voor gebid te word.

184. Broer Branham, as hierdie vraag nie—nie gepas is nie, nie inpas in die...moenie antwoord nie. (Dis gaaf. Ek waardeer dit.) **Watter kinders—watter kinders gaan in die Wegraping, indien enige kleintjies? Dankie.**

Hulle het nie enige naam daarby geskryf nie. Nou, as jy dit nie doen nie, dit is nie nodig nie.

183 Maar, kyk. Wanneer God 'n naam op die Lam se Boek van die Lewe plaas voor die grondlegging van die wêreld, is daar niks in die wêreld wat dit kan uitvee nie, want dis met die ink van die Bloed van Christus geskryf. Of dit *so* groot, *so* groot, of *so* groot is, of wat dit ook al mag wees, dis om't ewe. Sien? Alle kinders, die hele Kerk, alles wat daar is, is... God, deur Sy voorkennis.

184 Nou, ons weet nie. Julle sê: "Broer Branham, kan jy bewys dat jy daar is?" Nee, meneer. Ek kan dit nie bewys nie. God kan my vir 'n instrument vir iets anders gebruik, en jou op dieselfde manier gebruik. Maar ek glo, en deur geloof is ek gered. Ek is nie deur kennis gered nie; deur geloof! Dis hoe jy gered is. Dis hoe ons almal gered is.

185 Maar, onthou, God is oneindig. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Oneindig! Wel, deur oneindig te wees, maak dit Hom...En, dan, Hy is alwetend. Glo julle dit? ["Amen."] *Alwetend* beteken "Hy weet alle dinge." Hy kan nie wees—Hy kan nie alwetend wees, sonder om oneindig te wees nie. Sien, daar was nooit iets gewees sonder dat Hy dit geweet het nie. Hy het van elke muggie geweet wat ooit op aarde sou wees, en hoeveel keer dit sy oë sou knip, en hoeveel vet dit sou maak, hoeveel almal van hulle saam maak. Hy het geweet van elke asem wat jy sou neem, en hoe diep dit in jou long sou gaan. Dis oneindig.

186 Nou, as Hy oneindig is, maak dit Hom alwetend. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En as Hy alwetend is, maak dit Hom alomteenwoordig, want Hy weet net presies die minuut, uur, tyd, tot die oomblikke van die vyf-en-vyftigduisendste van 'n sekonde, tot wanneer dit gaan gebeur. Sien? Kry nou die idee? ["Amen."] Dan, weet Hy alle dinge. En dis die rede dat Hy alle mag het, alles weet, en alles kan doen.

187 Nou, laat ons sien. Nou: "En al die kinders wat God... Elkeen wat God...Toe hulle..." Nou, onthou, wanneer was Jesus...Die Bybel het gesê...

188 Nou, ons weet dat Jesus teen 30 NC. doodgemaak is. Is dit reg? Omtrent, dit was omtrent die middel van die jaar, skat ek, 30 NC.

189 Nou, maar die Bybel het gesê dat Hy doodgemaak is voor die wêreld ooit geskep is. En jou naam, toe die Lam se Boek...Toe die Lam doodgemaak is, om hierdie Boek te verlos...Hier is nou 'n groot ding. Dit mag dalk stimulasie veroorsaak. Kyk. Toe die—toe die—toe die Lam...Onthou nou, die Bybel het gesê die Lam se Boek van die Lewe is geskryf voor die grondlegging van die wêreld. En jou naam is ingesit, was in daardie Boek toe die Lam doodgemaak is voor die grondlegging van die wêreld, om elke naam terug te koop wat in daardie Boek geskryf is. Sien? Begryp julle dit nou?

190 Sien, daar is niks buite orde nie. Dit werk net presies soos God se groot horlosie, sien, soos 'n klok wat reg rondom beweeg. Jou naam is daarin geplaas voor die grondlegging van die wêreld, toe die Lam doodgemaak is om, dit wat in daardie Boek was, te verlos. En nou kom Hy vorentoe en neem daardie Boek, om Sy verlossing op te eis.

Ek wil nie daarmee begin nie; ons sal nooit vandag nog 'n vraag beantwoord nie. Goed. Vraag:

185. Is die hel, en die vuurpoel wat met swawel brand, dieselfde?

191 Nee. Die hel, vertaling in die Bybel, dink ek...Nou, daar is geleerdes wat hier sit, en ek wil dit in ag neem. Ons Broer Iverson wat hier sit, en Broer Vayle, en baie van hierdie broers wat regtig teoloë is. Die woord vertaal, *hades,* beteken die "graf." Is dit reg? Die Griekse woord vir die graf. Maar die Vuurpoel is iets anders. Want, oorkant in Openbaring: "Beide, hades en alles, is in die Vuurpoel gewerp." Sien? Goed. Nou, laat ons sien.

186. Indien nie, is die Vuurpoel, en die hel, vir Ewig?

192 Nee, meneer. Nee, meneer. Enigiets wat geskape is, is nie Ewig nie. Nee. Enigiets wat geskape is...Dis waarom daar nie 'n Ewige hel kan wees nie. As enigiemand jou ooit vertel dat jy gaan brand in 'n Ewige hel, wil ek die Skrif daarvoor hê. Sien? Daar is nie so-iets nie.

193 Die hel is geskep vir die duiwel en sy engele geskep, vir die antichris en sy mense; dit was die duiwel, geïnkarneerde duiwel. Dit is geskep daarvoor, om te vernietig. En enigiets wat... Enigiets...

194 Daar is absoluut net een ding, hoegenaamd, uit alles wat daar is, die ganse wêreld en alles anders, is daar net een ding Ewig, en dis God. Voor daar 'n atoom, of elektrone, of voor daar nog selfs kosmiese lig, elektrone of enigiets was, was Hy God. Hy's 'n Skepper.

195 En dis die enigste manier hoe jy Ewig kan wees, is om die Ewige Lewe te ontvang. Daardie Griekse woord daar, dink ek, is *Zoe*. Is dit nie reg nie? Zoe. Zoe. En dan, dra God daardie—daardie Lewe aan jou oor. Soos die vader, jou vader, sy lewe aan jou oordra, deur die—die trou belofte met die moeder; en hy, daardeur, die—die vreugde van oordrag oordra, (Begryp my.), van die oordraende lewe vir 'n seun. En dis wat God doen, vreugde in die oordrag van Sy Lewe aan 'n seun. Sien? En dan word jy deel van Hom, wat Zoe is, God se Eie Lewe. "Ek gee aan . . . hulle die Ewige Lewe."

196 "Wek hulle op, die laaste dag." Dis die enigste wat—wat . . . Julle die Ewige Lewe gekry het. En daardie Ewige Lewe ken Sy liggaam, en dit sal moet voortkom. Dat dit kan . . . Dis onmoontlik daarvoor om daar te lê. Soos die Gees van Christus die liggaam oorskadu het, God se Gees oor Christus, by daardie groot dag, het dit geweet dit sou weer opstaan; so is die heiliges in hulle liggaam.

197 Nou onthou. Jesus, toe Hy gesterf het, het Hy hel toe gegaan. Want, Hy moes soontoe gaan; Hy was die sonde-skeidsmuur. "En Hy het gepreek vir die siele wat in die hel was, wat hulle nie in die dae van die lydsaamheid, die dae van Noag, bekeer het nie." Dit reg? Hy het hel toe gegaan en vir die siele gepreek, die siele wat van God geskei is. Die *dood* beteken "skeiding." En hulle het van God geskei, kon nooit weer terugkeer nie. En Jesus het gegaan om te gaan getuig dat Hy die Een was wat van gepraat is, die—die vrou se Saad.

198 Die slang se saad, sien wat die slang se saad gedoen het? Antichris; eindig in die dood, skeiding, die rooi perd. Die vrou se Saad, die Lewe, eindig op die wit perd, Jesus Christus. Sien? Wat is dit? Een teen die ander; slang se saad teen die vrou se Saad. Begryp julle dit nou? O, ons kon 'n rukkie daarby stilstaan! Sou dit nie goed wees nie? Maar kom ons bly hierby.

187. Broer Branham, vervul die eerste perderuiter, Eerste Seël, Twee Thessalonicense: "die openbaring van die mens van sonde"?

199 Ja. Dis reg. Dit doen dit. Dis maklik. Dit doen dit. Dis die mens van sonde. Dieselfde mens hou net, in stadiums, aan met ry tot hy op 'n vaal perd klim wat die "Dood" genoem word. Christus kom af deur, regverdigmaking, heiligmaking, tot by die wit perd, en dis daardie Lewe, julle sien.

188. Wat het met die wedergebore gelowiges gebeur wat in die verskillende denominasies is, maar nie in die Bruid van Christus is nie? Wat gebeur met hulle?

200 Wel, ek dink ons het dit, 'n rukkie gelede, verduidelik. Sien? Hulle gaan in die Verdrukking in. Hulle word in die Verdrukking gemartel. Kom terug in die laaste, na die Millennium, vir hulle oordeel. Sien? Want, die Bybel het gesê dat die res van

die lewendes. . . "Die res van die dode het nie weer gelewe, totdat die duisend jaar voleindig was nie." Toe was daar 'n opstanding, en toe het beide tevoorskyn gekom, die regverdige en die onregverdige, en is deur Christus en die Bruid geoordeel. Hy het na die aarde toe gekom saam met tienduisende maal tienduisende van Sy heiliges. Is dit reg? Sy Bruid.

201 Die oordeel is bepaal. Die Boeke is geopen. Boeke is oopgemaak. En 'n ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was. Hy het, van daaruit, die bokke van die skape geskei. Is dit reg? Dit het niks met die Bruid te doen gehad nie. Sy het net daar in oordeel gestaan, met haar Koningin. . . die Koningin en Koning, saam. "Hy het saam met Sy heiliges gekom; tienduisend maal duisende het Hom bedien," Sy vrou. Toe is die oordeel bepaal, en toe is die skape van die bokke geskei. Onthou nou die aand, toe ek daardie bepeinsinkie gebring het, sodat julle dit kan verstaan, die cowboy bepeinsing? Sien? Dis dit.

202 Nee, hulle, dit is hulle, die—die—die kerk, die mense wat in die denominasies is, wat is—ware Christene is, wat die Boodskap ontvang en hulle sal Dit nooit sien nie. Dit sal nooit vir hulle gepreek word nie. En diegene in gemengde massas, vir wie Dit gepreek word, Dit sal reg bo-oor hulle koppe gaan, tensy hulle naam op die Lam se Boek van die Lewe was. Ja. Maar hulle sal goeie mense wees.

203 En hulle sal weer opgewek word en onder verhoor kom, en deur dieselfde groep geoordeel word wat vir hulle gepreek het. "Weet julle nie dat die heiliges die aarde sal beoordeel nie?" Hulle sal voor gepreek word, sien. Hulle sal voor gepreek word, deur die einste mense wat van die Boodskap aan hulle getuig het, om te "Kom uit dit uit!" Sien? Ek hoop dit verduidelik dit. Ek het soveel hier, dat. . .

189. Broer Branham, is die sewende engel, met die gees van Elía, dieselfde man as die Elía wat na die honderd vier-en-veertigduisend Jode toe gestuur word gedurende die drie-en-'n-half jaar na die Wegraping? Party van ons is deurmekaar, hieroor.

204 Nee. Hy is nie dieselfde nie. Sien, dis twee verskillende manne. Die Elisa wat in die vorm van Elía gekom het, was nie Elía nie. En die gees van Elía wat gekom het op 'n man, genaamd Johannes die Doper, was nie Elía nie. En die man van die sewende engel boodskapper, aan die einde van die Laodicése Eeu, sal nie die letterlike Elía wees nie. Hy sal 'n Heiden wees, vir sy mense.

205 Elía sal, of die gees van Elía dan, wat gaan kom in die. . . en na die mense daar, hy sal 'n Jood wees, sien, want hulle word na hulle eie mense toe gestuur. Dis my openbaring. Die rede dat ek. . . Van Tommy Osborn, toe ons dit bespreek het, daardie

keer, ek en Tommy, het ek nooit geweet nie. Ek het net vir die siekes gebid.

206 En ek het daar gekom, en daar was 'n dame wat van die Fort Wayne Evangelie Tabernakel af gekom het, 'n sendeling in die buitelandse velde. Haar bors was *so* groot, was net opgevreet deur kanker. En sy was net daar in die huisie waar ons eers gewoon het, hierbo in die laan. En ek het vir die dierbare suster gebid. En sy is genees, en het teruggekeer na die veld. En toe . . . Sy het van Afrika af gekom. En sy het 'n boekie daar gelos, oor sendings.

207 Ek—ek het gedink: "Wel, sendelinge is goed." En ek is . . . Ek het nooit baie oor sendelinge gedink nie. En toe het ek gedink: "Wel, hulle is net 'n amp van God daarbuite. So dis . . . Hierdie is my plek net hier, by Agtste- en Pennstraat." So ek het net voortgegaan, so goed as wat ek kan.

208 Maar eendag, terwyl ek in die studeerkamer gesit het, het ek daardie boek opgetel. En daar was 'n foto van—van die Negerras daarin, 'n bejaarde ou vader, en hy het hierdie wit randjie hare gehad. En daaronder het dit so geskrywe gestaan: "Witman, witman, waar was jou vader? Sien, ek is nou oud en swak van verstand, en ek verstaan nie te goed nie. As ek, as 'n jongman, vir Jesus geken het, sou ek Hom na my mense toe geneem het." Wel, ek het dit gelees.

209 En Iets het aangehou sê: "Lees dit weer. Lees dit weer." Ek het aanhou lees. O, julle het al sulke tye gehad. "Lees dit oor en oor. Daar is iets daarin."

210 Soos daardie dag daarbo by Green se Meul, toe ek uit die grot uitgekom het. Ek kon nie verstaan, hoedat mense met tale kon praat en uitroep, en met die ware Heilige Gees, en steeds antichris wees nie. Met tale praat, die ware Heilige Gees tale-praat, en steeds 'n duiwel wees. Dis reg. Ek kan dit vir julle bewys. Ja, beslis. En dan oplet . . . toe hulle daar gestaan het.

211 So, tale is geen bewys van die Heilige Gees nie. Dis een van die gawes van die Heilige Gees. Sien? En die duiwel kan alles naboots wat Hy het, Goddelike genesing en alles anders.

Hy het gesê: "Baie sal na My toe kom op daardie dag en sê: 'Here, het ek nie duiwels uitgedryf nie? Het ek nie . . .'" Dis die verkondiging van die Evangelie. "'Het ek nie in U Naam magtige dade, en al hierdie dinge daar, gedoen nie?' Ek sal sê: 'Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtigheid. Ek het julle nooit eens geken nie.'"

212 Die Bybel het gesê, dat: "Die reën val op die regverdiges en die onregverdiges, terselfdertyd." En dieselfde onkruid, wat daar in die koringland staan, kan net so gelukkig wees en uitroep, met dieselfde water wat op hom geval het, want die reën is na beide toe gestuur. "Maar aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Daardie ou onkruidjie kan daarbo staan, en net so gelukkig en

uitgelate wees as wat hy kan, net so vol van dieselfde reën as wat die koring is.

213 Daar het jy dit. So hulle kan uitroep, in tale praat, en alles naboots wat hulle wil; in daardie dag, genoem word: "Werkers van ongeregtigheid."

214 Soos ek vir julle, 'n tydjie gelede gesê het, luister na wat ek sê! Luister goed. Kyk ver terug, ondersoek jouself met die Woord en sien waar jy is.

215 Julle vroue wat kort hare het, laat dit groei. Julle dra kortbroek; trek dit uit. Tree soos 'n dame op. Julle manne wat nog sigarette rook, en na potspelkamers toe gaan, hou op daarmee. Ek gee nie om hoeveel jy getuig nie. As jy nog aan daardie organisasie vashou, en sê: "*Dit* is Dit, en *dit* is Dit," moet jy liewer ophou. Kyk ver terug, ondersoek dit met die Woord. Ons is besig om reguit uit . . .

216 Ons behoort al verby die kort hare en alles te gelewe het. Hierdie eeu nou, ons is nou terug in Iets, dat God die verborge geheimenisse openbaar, wat op die Boek geplaas is voor die grondlegging van die wêreld. En diegene wat in hierdie klein dingetjies gehoorsaam het, sal Dit in hierdie ander dinge begryp. As hulle nie het nie, sal Dit bo-oor hulle koppe gaan, so ver soos die ooste van die weste af is. Dit sal net . . .

217 Soos Gideon, sy manne geskei het. Daar was duisende en duisende. God het gesê: "Dis te veel. Skei hulle weer af." Hy het hulle nog 'n toets gegee. En: "Skei hulle weer af. Skei hulle weer af." En aanmekaar, tot hy net 'n handjievol gehad het. Hy het gesê: "Dis die groep waarmee Ek die werk wil doen." Dis presies wat gebeur het.

218 Pinkstervroue (gaan heen-en-weer) sit daar, hoor en weet, deur die Woord, dat dit verkeerd is. Dink jy hulle sal oplyn Daarmee? Nee, meneer. Elke jaar, wanneer ek verbykom, is daar meer met kortgeknipte hare, as wat daar was toe ek begin het.

219 Het gesê: "Wat het dit te doen . . . Jy behoort te . . . " Iemand het gesê: "Wel, Broer Branham, mense beskou jou as 'n profeet."

Nou, ek sê nie ek is 'n profeet nie. Niemand hoor my dit sê nie. Maar ek sal dit sê, dat as—as julle dit doen, as julle dit beskou . . .

Het gesê: "Hoekom leer jy nie vir mense hoe om die Heilige Gees te ontvang, en hoe om *dit* te kry, en hoe om groot geestelike gawes te kry en die kerk help te nie?"

Hoe kan ek vir hulle algebra leer, wanneer hulle nie eens na hulle ABC's wil luister nie? Dis reg. Doen hierdie klein dingetjies. Kom hier by die begin en skud dit af, en begin reg. Amen. Goed.

220 Waaroor het ek, in elk geval, gepraat? Laat ons sien. Ek het nie bedoel om van daardie onderwerp af te gaan nie. Verskoon my, sien. Goed. "Party van die . . . party van ons is deurmekaar. Is die Elía dieselfde as die . . . " Ja, uh-huh, dis reg.

Nee. Hierdie Elía wat na die Heidene toe sal kom, sal 'n Heiden wees wat gesalf is met daardie gees, want God het elke keer daardie selfde gees gebruik om Sy volk uit chaos uit te bring. En dit het Sy doel goed gedien, daarom kom Hy weer reguit terug daarmee. Want, sien . . .

Nou, natuurlik, as Hy 'n hoogs-gepoleerde, geleerde, gebruik, is dit die soort wat dit sal aantrek.

221 Hy bring 'n man wat skaars sy ABC's ken, en nie sy woorde reg kan uitspreek nie, en so aan; een of ander wildernis ou, vanaf daar ver êrens, en bring Dit in en skuif reguit af tot by daardie eenvoudige mense. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] En hulle snap Dit, net so. Hulle snap Dit, sien. As Dit kom, en boordjie . . .

222 Soos Paulus gesê het: "Ek het nie na julle toe gekom met die gepoleerdheid van 'n geleerdheid nie, maar ek het na julle toe gekom in die Krag van die opstanding." Dit het God drie-en-'n-half jaar geneem, daaronder in Arabië, om dit uit hom uit te haal, sy geleerdheid. Het—het Hom veertig jaar geneem om dit uit Moses uit te kry. Sien? So daar is dit. Dis . . .

Ek sê nie God maak nie . . . Ek ondersteun nou nie ongeletterdheid nie, maar ek—ek probeer vir julle sê dit vat nie . . . Geleerdheid is nie . . .

223 Die wysheid van hierdie wêreld is teenoorgesteld. Geleerdheid was die grootste hindernis wat die Evangelie al ooit gehad het. As ons nie geleerdheid gehad het nie, sou ons nie al hierdie groot kweekskole en dinge gehad het wat ons nou het nie. Dit sou mense, eenvoudig van gees wees, wat na die Woord sou luister. Maar hulle is so gepoleerd en opgemors, en vasgemaak daaraan, egter, daardie organisasies, dat hulle daarby gaan bly. Dis al. Hulle neem daardie gees aan. Het julle al ooit 'n goeie vrou geneem, wat met 'n slegte man getrou het? Daardie slegte man word óf net so 'n—'n goeie man as wat die vrou is, óf die vrou word net so sleg soos hy is. Sien? Dis reg.

224 Dis hoekom Hy gesê het: "Kom uit hulle uit, wanneer Ek gereedmaak om daardie Wegraping weg te neem." Jy moet een of ander geloof hê, wat jou hier uit sal neem.

190. Wanneer is die verbond, van Daniël 9:27, vir 'n week bevestig?

225 Een helfte daarvan is bevestig, die verbond, toe Jesus Christus vir die Jode op aarde gepreek het. Hy het nooit enigsins na die Heidene toe gegaan nie. En Hy het vir Sy dissipels gesê: "Moenie na die Heidene toe gaan nie." Dit was slegs vir die Jode. Sien? En Hy het vir drie-en-'n-half jaar gepreek. Dis die helfte van die sewentigste week, nou, soos Daniël gesê het Hy sou doen.

226 Nou, onthou, Hy was deeglik bevestig aan die Jood. Maar hulle oë is verblind, om hierdie gedeelte aan die Heiden in te

bring. Kan julle nie die hele program sien nie? Sien? En Hy het Homself as 'n profeet bewys, net presies gedoen wat die profeet sou doen, het vir hulle 'n teken van 'n profeet gewys. "Wat, julle eie Woord gesê het: 'As 'n man sê hy is geestelik, of 'n profeet, kyk wat hy sê; en as dit gebeur, net aanhou gebeur, wat hy gesê het, aanhoudend.'"

227 Soos, as jy in die Bybel kyk, het dit gesê: "Klop, dit sal oopgemaak word; soek, vind; vra, sal gegee word." Nou, as julle sal oplet, is dit "aanhou klop." Net aanhoudend klop. [Broer Branham begin drie-en-twintig keer op die preekstoel klop—Red.] Bly net daar. Soos die onregverdige regter, wat nie die vrou wou antwoord nie; hy het net aanhou klop aan haar deur. Sê: "Ek is op U hand." [Broer Branham hou op met klop.] Nie soek nie, sê: "Here, ek wil *dit* graag hê. Amen," nie. Dis nie reg so nie. Bly net daar tot jy dit kry. Jy weet dit gaan gebeur. So, Hy het dit belowe, so bly net daar tot jy dit vashou. Sien?

Nou, nou, in die laaste deel, die sewentigste week, die laaste deel daarvan sal gedurende die tyd van die Verdrukkingsperiode wees, na die Wegraping van die Kerk. Hier is die drie-en-'n-half jaar dan hier, wat weer aan hulle deur die profete bevestig sal word, sien, Moses en Elía, Openbaring 11. Nou kom ons kyk wat hierdie is:

191. As jy een van Sy uitverkorenes is, sal jy in die Bruid opgaan? (Ja. Uh-huh. Ja, meneer. Dis maklik.)

192. Broer Branham, het jy bedoel om te sê seweduisend wat nie hulle knie vir Baäl gebuig het nie, of sewehonderd?

228 Seweduisend, het ek bedoel om te sê. Vergewe my daarvoor, sien. Net 'n . . . Dis net 'n—'n manier van praat. Ek was net . . .

Soos, 'n rukkie gelede gesê het. Het julle opgelet toe ek hier gestaan het, het ek gesê: "En—en hulle het getuig, dat hulle die Lam gesien . . ."? Sien? Sien? Die Lam was op aarde. Sien? "Het getuig, om die Gees van God op die Lam te sien kom."

229 Nou, daarin, het dit gesê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het." Sien julle? Nou, dit is in 'n werklike vorm van die Grieks geskryf, wat die werkwoord voor die bywoord sit. Maar julle let hier op, dit is in werklikheid so. Neem nou net die Woord, sien. Die Bybel sê hier, in die vertaling van Jakobus: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om te woon." Maar, eintlik, as ons dit sou sê soos ons dit vandag sê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." Jy sou dit omdraai, sien. Sien? "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om te woon." Sien? Nou, ons sou dit vandag sê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." Sien, selfde woord, draai dit net om. Sien?

230 Nou, ja, ek het bedoel . . . Vergewe my, asseblief. Ek . . . En—en, broeders, julle daarbuite op die band, en vriende, luister. Ek het nie bedoel om dit so te sê nie. Ek—ek—ek's 'n prediker

van die Evangelie. Ek, baiekeer terwyl ek dit gepreek het, het ek geweet dit was seweduisend. Ek het net per ongeluk sewehonderd gesê. Ek het nie bedoel net sewehonderd nie. Ek het bedoel, julle . . . Ek het dit net nie uit die Skrif uit gelees nie. Dit het net in my gedagte opgekom terwyl ek gepraat het, en ek het net sewehonderd in plaas van seweduisend gesê. Ek maak die heeltyd sulke foute. Ek's—ek's beslis 'n domkop, so vergewe my. Sien? Ek het nie bedoel om dit te doen nie.

193. Is die Bruid van Christus, en die Liggaam van Christus, dieselfde?

231 Ja, meneer! Sien? Nou, hier, nou sien, ek wil nie hiermee begin nie, want ek kry 'n pre- . . . preek 'n preek daaroor, sien. Maar ek sal dit nie doen nie. Maar ek wil vir julle wys. Toe God vir Adam sy bruid gegee het, uit sy sy, het hy gesê: "Sy is vlees van my vlees, en been van my gebeente." Is dit reg?

232 Toe God vir Christus Sy Bruid gegee het, die Gees vir die vlees die Bruid gegee het, is Hy gesteek, deurboor in die sy onder Sy hart, en water, Bloed, en Gees, het voortgekom; dit het "vlees van Sy vlees, en been van Sy gebeente" geword. Ons is die vlees en gebeente; die Bruid sal die vlees en gebeente van Christus wees, presies. Hulle is die . . . Dit is Sy Bruid.

194. Sou die Bruid van Christus . . . ? Sou die Bruid van Christus 'n bediening hê voor die Wegraping?

233 Sekerlik. Dis presies wat nou aangaan, sien, die Bruid van Christus. Sekerlik. Dit is die Boodskap van die uur, sien, die Bruid van Christus. Sekerlik. Sy bestaan uit apostels, profete, leraars, evangeliste, en pastore. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis die Bruid van Christus. Sekerlik. Sy het 'n bediening, groot bediening, die bediening van die uur. Dit sal so nederig wees.

234 Onthou nou. Hoeveel was hier, by die eerste, toe ek . . . ? Verlede Sondag, sien, onthou waaroor ek gepreek het? Nederigheid. O, moet dit nie vergeet nie. Ek gaan 'n oomblik ophou, om weer daaroor te waarsku. Onthou, wanneer God enigiets groot voorspel om te gebeur, kyk die mense so ver weg, deur hulle wysheid, dat hulle mis wat gebeur. Wanneer God sê enigiets is groot, lag die wêreld daarvoor. "Daardie klomp onkundiges!" Dis reg.

Maar wanneer die groot wêreld, en die groot hoë kerk, gesê het: "Man, dis wonderlik!" Sê God: "'n Klomp onkundiges!" So, sien, jy moet kyk. Ek bedoel nie dit mag dalk so wees, presies so nie, maar dis hoe dit is.

235 Kyk! Hier was 'n groot, heilige Ortodokse kerk: "Ons ken die Woord. Ons het skole. Ons het kweekskole. Ons het ons manne só gepoleerd! Wel, vir honderde jare is ons al lojaal teenoor Jehova. Ons is die Kerk. Ons is die Sanhedrin. Ons het die Raad van Kerke hier. Beide Fariseërs en Sadduseërs, en al

die denominasies, vergader bymekaar," soos wat ons kry. Sien? "Ons is almal in een, die—die Raad van kerke. Ons is die groot kokkedore hier. Ons ken daardie Skrif. Wat is een of ander klein, oningeligte ventjie daaronder op die rivier, met 'n baard wat oor sy gesig hang, en 'n stuk skaapvel, ons aan die vertel?" Sekerlik, hulle sal nie Daarna luister nie.

236 Maar die Bybel het gesê, in Maleági die 4de hoo-. . . of die 3de hoofstuk: "Ek sal My boodskapper voor My uitstuur, om die weg vir My te berei." Sewehonderd-en-twaalf jaar voor dit, het Johannes. . . O, het die groot profeet van Jesaja, daar gestaan, en gesê: "Daar sal 'n stem van een wees wat roep in die wildernis: 'Berei die weg vir die Here, en maak Sy pad gelyk.'" Dis reg. En het gesê. . . en Daw-. . . O, baie van hulle! Het gesê: "Elke hoë plek sal afgebring word."

237 O, hulle het gesê: "Daar sal 'n. . . Wanneer hierdie man kom, sal hy met sy vinger wys, en hy sal berge versit. O, en al die lae plekke, die slote, sal opgevul word. Dan sal alle, dis al die rotsagtige plekke, gelykgemaak word. Broer, ons sal mielies in elke veld hierrond plant. En, o, ons sal groot dinge doen wanneer hierdie man kom." Sien?

238 Hulle het verwag God sal die slinger neem en dit aansit, die gange afbring, en sê: "Kom af, o grote voorloper van My Messias." En dan sodra hy weg is, haal hulle dit weer op, en sy bediening is verby. Hulle slinger dit weer af, en sit dit hier reg langs die kweekskool neer, en sê: "Goed, My geliefde Seun, loop ondertoe en vertel hulle." Sien? O, goeiste!

239 Kyk, toe hy daar gekom het. Wat het ooit gebeur? Hier kom 'n man wat geeneen van hulle skole geken het nie. Het nie eens 'n lidmaatskapskaart gehad nie. O! Het geen getuigskrifte gehad nie. Nee. Niemand het ooit geweet of hy ooit 'n dag in sy lewe skool toe gegaan het nie. Jy kon dit nie eens aan sy spraak agterkom nie. Hy het selfs nie in terme van 'n. . . van geestelikes gepraat nie. Hy het van slange, byle, en die wildernis gepraat, en—en—en sulke dinge, sien, bome. Hy het nie in die terme van die geestelike groep van daardie dag, of hierdie dag of enige ander dag gepraat nie.

240 Hy het kom "sassafras," soos ons dit hier in Indiana noem. Hy het iewers uit die bosse uit gekom. Was nie eens geskeer nie, en die hare het regop gestaan op sy kop. Ek kan my nie voorstel dat hy gebad het nie; een keer elke twee of drie maande. Goed. Hy het nooit in die aand nagklere aangetrek nie. Hy het nooit in 'n motor gery nie. Hy het nooit sy tande geborsel nie. O, goeiste! Wat 'n vent was dit nie! Sekerlik nie.

241 Hier kom hy, deur die wildernis aangestap, soos dié, het gesê: "Ek is die stem van een wat roep in die wildernis. Berei die weg van die Here, en maak Sy paaie gelyk!"

242 Sommige van die leraars het gestaan en sê: "Huh! Sê my, kêrel, het jy jou . . . ? Ons kan nie saam met jou werk in hierdie veldtog nie. Hier, ons kan dit nie doen nie. Wel, waar is jou—waar is jou kaart? Waar is jou identifikasie?" Hy het hulle net geïgnoreer. Hy het 'n boodskap gehad, so hy het net daarmee voortgegaan, julle sien, net dieselfde aanhou gepreek.

243 Hulle het gesê: "Haai, wag! Wel, wanneer ons soontoe gaan, sal ons vandag die biskop soontoe vat, en kyk wat hy daarvan sê. Ons sal soontoe gaan as ons weet. Dis die hoofde van die kerk. En ons weet hy sal dit moet erken. As hy van God is, sal hy ons biskoppe erken."

244 Sit hulle almal daar in 'n ry, en het daar gestaan, die hoogwaardiges.

245 Hy het gesê: "Julle addergeslag! Julle slange in die gras!" Omgedraaide boordjies, en "heilige vaders," ensovoorts. "Wie het julle gewaarsku om te vlug vir die toorn wat aan die kom is? Julle weet julle uur is byderhand. Moenie dink om . . . Julle sê: 'Wel, ons behoort aan *dit*, *dat*,' nie. Ek sê vir julle, die God wat ek dien, het die mag om kinders vir Abraham uit hierdie klippe op te wek." O, goeiste!

246 Nou gaan jy sy omgekeerde van geestelike spraak opneem. "Ek sê die byl lê ook al teen die wortel van die boom! Daarom word elke boom, wat nie goeie vrugte dra nie, uitgekap en in die vuur gegooi! O, ek sal julle wel met water doop, tot bekering, maar Hy kom na my. Die maan sal in bloed verander! En julle sal . . . o, goeiste, Hy sal Sy dorsvloere deur en deur skoonmaak! En Hy sal die—die kaf vat en dit met onuitbluslike vuur verbrand, en Hy sal die koring in die skuur saambring. Hy sal die onkruid en die koring skei." O, goeiste! Wat 'n boodskap!

247 Hulle het gesê: "Hierdie vent? Huh! Wat het hy gesê, watter—watter—watter tyd is dit? O, onkunde! Ons het net die man daarbo, Broer Jones. Hy is die ou wat dit sal doen, as daar enigiemand in hierdie eeu is. Biskop *So-en-so* sal dit doen; Heilige Vader *So-en-so*." O, goeiste! Sien?

God in eenvoud, sien, werk in eenvoud.

248 Toe, voor jy weet waar jy is, staan hy eendag daar, en hy het gesê: "Ja, Hy staan in julle midde!" Hy was so seker hy was daardie voorloper. Hy het geweet wie hy was. Dis hoekom hy hulle velle kon aftrek. Het gesê: "Nou, moenie bewe nie, maar gaan net so voort. Julle soldate, gehoorsaam julle meesters. En as julle enige kwaad gedoen het, neem dit . . . "

249 "Wat sal ons doen? Sal ons ophou om *dit* te doen? Moet ons ophou om *dit* te doen?"

250 Hy het gesê: "Gaan net aan soos julle is. Gaan so voort. Gaan so voort. Gaan aan. As julle aartappels kweek, kweek dit. Sien? Julle soldate, moenie enige geweld pleeg nie. En—en doen dit. En

wat julle ook al doen, gaan net voort soos julle is. Gehoorsaam julle meesters, ensovoorts."

"Rabbi, wat moet ons doen?"

251 "Gaan net voort soos julle is, sien. Maar daar is Een in julle midde, vir wie julle nie ken nie." Hy het dit geweet, die uur van sy boodskap. Hy het geweet hy moes daardie Persoon bekendstel. Hy het geweet Hy was daar. "Een in julle midde! Julle sien Hom nie. Daar gaan dinge aan, waarvan julle niks weet nie." En so, toe: "Daar—daar gaan iets gebeur," het hy gesê: "julle sien, en Hy sal hier wees. En ek sal Hom ken."

252 En uiteindelik, het hy eendag gesê: "Kyk, daar is Hy! Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Het gesê: "En my tyd is nou verby. Ek het Hom aan julle bekendgestel. Nou moet ek minder word. Ek moet van die toneel afgaan. Hy sal van hier af oorneem."

"Die Millennium sal nou dadelik begin, sien, en die—die tyd is op hande." Dan, wanneer Hy kom, wanneer . . .

253 Selfs Johannes het gesê: "Hy gaan, o, Hy gaan die velle aftrek. Hy gaan—Hy gaan die koring van die—van die kaf skei, en Hy gaan dit verbrand. En Hy gaan Sy dorsvloere deur en deur skoonmaak, en Sy skop is in Sy hand!" Maar wat was Hy? Klein, bietjie . . .

254 Nou, hulle het dit alles uitgewerk gehad: "O, mense! Hy sal 'n spies hê wat 'n myl lank sal wees. Hy sal hier oorkant in Palestina staan, net daarbo staan en net . . . op een van hierdie wit wolke, en al hierdie Romeine net *so* optel, en hulle in die hel werp. Sal net *so* aanhou, sien, tot Hy hulle almal daar het." Wel, hulle het dit alles uitgewerk gehad.

En toe dit was, het 'n klein Lammetjie onder hulle uitbeweeg, sagmoedig en sag, *hierdie* kant toe, en *daardie* kant toe gestoot.

255 Selfs Johannes het gesê. Nou kyk na Johannes, die profeet; hy het gesê: "Gaan vra vir Hom. Is Hy werklik die Een?" So nederig, dat tot daardie profeet dit gemis het. Het gesê: "Is Hy die Een, of moet ons vir 'n ander soek?"

256 Nou, Hy het nooit vir hom 'n boek gegee vir daardie dissipels, in—in Matthéüs 11 nie. Het vir Hom kom vra, toe Johannes se dissipels . . .

Johannes was in die tronk. So hy het so deurmekaar geraak, dat hy . . . Ek dink dit was Pember wat gesê het: "Sy arends-oog het 'n vlies oorgekry, daaronder," julle sien. Hy kon . . . Hy—hy het reeds afgekom aarde toe; hy was al daarbo in die lug. Maar toe sy profesie oor was, het hy weer af aarde toe gekom, sien, want, hom in die tronk gesit, julle sien. Hy het nie meer daardie groot vlerke nodig gehad nie, so hy het net daaronder gelê. Maar hy het hoër as enige van die ander gevlieg.

257 Laat ek vir julle iets wys. God het hom gebruik. En Jesus het geweet, julle sien, want dit was die—dit was die geïnkarneerde God daar. Sien? Hy was. . .So, Hy—Hy het daar gesê, Hy het gesê. . .

Nou, Hy het hom nooit 'n boek gegee oor hoe om homself in die tronk te gedra nie; Hy sê: "Nou, wag 'n oomblik. Ek sal 'n klein opstelletjie hier skryf, en dan vat julle dit terug en sê vir Johannes hoe om homself te gedra terwyl hy in die tronk is, om My ontwil." Sien? Nee, Hy het dit nooit gesê nie.

258 Hy het nie gesê: "Gaan vertel vir Johannes hy behoort eers sy Ph.D. graad te kry, voordat hy kan uitkom," nie. Sien? As hy sou, sou hy saam met die res van hulle wees; hy sou 'n verwerper wees.

Johannes was eerlik en het die vraag gevra.

259 En Hy het gesê: "Wag net tot die diens verby is, en dan gaan wys julle vir Johannes wat gebeur het, dan sal hy weet. As julle vir hom vertel wat aangaan, dan sal hy weet." Sien? Sien? "Gaan laat hom net. . .Vertel hom. Vertel hom dis. . .Hy is in die tronk en kon nie hier wees nie. Maar—maar julle het in die diens gesit, en julle het gesien wat gebeur het. Gaan vertel julle hom."

So, toe, het dissipels gesê: "Goed dan, Meester."

260 En hulle het oor die heuwel gegaan. Jesus het op hierdie rots gesit, het hulle net dopgehou tot hulle oorgegaan en die heuwel uitgegaan het.

261 Hy het omgedraai na die gehoor toe, gesê: "Wat—wat het julle uitgegaan om te sien, in die tyd van Johannes?" Sien? Het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien? Het julle uitgegaan om 'n man te sien wat sy boordjie omgedraai het, en sagte klere, en hoogs-gepoleerd en geleerd is. Is dit die soort man wat julle uitgegaan het om te sien?" Het gesê: "Nee. Weet julle wat daardie soort is? Hulle soen die babas, en, julle weet, werk in konings se paleise. Hulle, dit—dis nie die tipe wat Johannes was nie."

262 "Wel," het gesê: "hoekom het julle dan gegaan? Om 'n man te sien wat 'n bediening gegee is en dit in 'n organisasie vashaak, of so-iets? Geskud deur elke. . .Dan, as die—as die Eenheid hom nie wil hê nie, sal hy na die Drie-eenheid toe oorgaan? En as die Drie-eenheid hom nie wil hê nie, sal hy na die Kerk van God toe gaan, enige plek? Is dit die soort man wat julle uitgegaan het om te sien, deur elke riet geskud? O, nee. Nie Johannes nie."

263 Hy het gesê: "Wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Profeet?" Hy het gesê: "En Ek sê dis reg. Maar Ek gaan vir julle iets sê wat julle nie weet nie; hy was meer as 'n profeet. Hy was meer. As julle dit kan ontvang, dit is hy van wie daar geskrywe is, in die Bybel, sien, destyds, die Skrif: 'Ek sal My boodskapper voor My aangesig uitstuur,' Maleági 3, sien: 'en hy sal die weg voor My berei.'" Sien?

264 En hulle het nie verstaan nie. Selfs die dissipels het dit nie begryp nie, sien. Dis reg. O, goeiste! Eenvoud! Wees nederig, sien. Daal reg neer . . . Wanneer God iets groots belowe, sien, is dit groot in Sy oë.

265 Nou, as julle dit altyd in gedagte sal hou, wil ek hê julle moet . . . Hou dit in gedagte. En wanneer dit gebeur, dan kan julle dit verander. Buk en tel een van hierdie lenteblommetjies op wat vanjaar kom, of vat 'n gewone grassprietjie en hou dit in jou hand vas, en sê: "Ek gaan dit nou vashou, en sien dat iets, so eenvoudig, *dit* gemaak het. En ek wil die brein, wat 'n vuurpyl na die maan kan stuur, hierdie grassprietjie sien maak." Jy sal dit altyd hê. Jy kan daarvan seker wees. Jy sal dit altyd hê. Sien? Die grassprietjie het lewe daarin, sien. Dis so eenvoudig en nederig.

266 Julle sien, as 'n man 'n groot man is, goed, maar as hy groot genoeg is dat hy kan eenvoudig word, sien. Hy sal God vind. Maar as hy nie eenvoudig word nie, sal hy Hom nooit sien nie. So jy moet eenvoudig word. Nou vers . . .

195. In Openbaring, vers 5:9, wie is diegene wat aan die sing—sing is, wanneer die Lam die Boek uit die—uit die . . . die Boek neem? Is—is hierdie die weggeraapte heiliges?

267 Nee. Openbaring 6 . . . 5:9, liewer. Nee. As julle oplet, hierdie is nie die heiliges nie. Hulle het . . . Hy het nog nie Sy eiendom opgeëis nie. Sien? Hierdie is nie die heiliges nie. As julle oplet, hulle is die ouderlinge en die lewende Wesens, en hulle sing.

268 Kom ons lees dit, sodat daardie persoon . . . En dan gaan ek probeer . . . Ek het omtrent nog 'n halfdosyn hier, en ek dink ek kan dit binne 'n paar minute doen. Laat ons sien. Openbaring 5:9. Nou kom ons lees net 'n bietjie voor dit. So, die persoon, nou, is eerlik hieroor, en hulle wil weet. Kyk.

> *En toe Hy neem die—die Boek neem, val die vier lewende wesens en* die *vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters, . . . goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.*
>
> *En hulle* het *'n nuwe lied* gesing, (sien, sien,) *en gesê, U is waardig om die boek te neem, en* Dit *oop te maak,* (sien,) . . . *U het ons verlos . . .*
>
> *En . . . ons* priesters en konings *gemaak . . .*

269 Dis die Hemelse groep, nog nie die verlostes nie. Goed, nou.

Broer Branham, as al die . . .

Nou, net 'n oomblik. [Broer Branham stop vir 'n oomblik—Red.] Ek skat, wat . . . Verskoon my.

Broer Branham, as—as al die godsvrugtiges, (ja), **godsvrugtiges in die Wegraping opgeneem word, waar sal Elía en die . . . en Moses vandaan kom?**

270 Daar is iets verkeerd. Daar is iets verkeerd. Dis maar net al. Daar—daar is iets wat gebeur het. Sien? Daar het iewers iets verkeerd gegaan. Voel almal goed? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar's niks . . . Is geen siekte, of niks nie?

['n Broer in die gehoor, sê: "Lees daardie 9de vers weer, in Openbaring 5."] Laat ons sien, Openbaring . . . Waar was dit, broer? ["5."] 5. ["5."]

O, die vraag! O, die vraag wat ek pas geantwoord het. Nou laat ons sien. "U . . . " Die regte plek:

> *En toe Hy* oop- . . . *die boek, val die vier lewende wesens en* die *vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters, en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van* die *heiliges is.*
>
> *en hulle* het *'n nuwe lied* gesing, *en gesê, U is waardig om die boek te neem, en sy* seël *oop te maak: want U* het . . . *is geslag, en* . . .

Hier is dit! Hier is dit! Ek was verkeerd daarmee. Sien?

> . . . U *het ons vir God met* die *bloed gekoop* . . . *uit elke stam* . . .

271 Dis reg. Nou, wat dink julle daarvan? O, as die Teenwoordigheid van die Heilige Gees nie hier is nie, wat is? Hy wou nie toelaat . . . Sien, ek het net die eerste gedeelte van daardie vers gelees. Sien, dis—dis net 'n ver- . . . of iets wat hier geskryf is, en ek het probeer klaarmaak, het na daardie horlosie gekyk. Maar sien julle hoe Hy my daarop gestop het? Glorie! Sien, ek het nooit die ander deel daarvan gelees nie. Sien, ek het hier gekom: "En . . . " Kyk hier: "En hulle—en hulle het 'n nuwe lied gesing," en ek het gestop, sien. Maar, kyk hier: "Die lied wat hulle gesing het, wat sê: 'U het ons gekoop uit elke stam, taal, en nasie.'" Sekerlik, dis hulle. Goeiste! O, goeiste! O, goeiste! Sien dit? En, terloops, daar is nog 'n vraag hieronder, ook.

196. Kan u diegene (v-e-r-g-e-l-y- . . .) **vergelyk aan wie gegee is . . . ? Wel, vergelyk "hulle aan wie wit klere gegee is" van Openbaring 6:11, met "hulle wat hulle klere in die Bloed van die Lam gewas het?"**

272 Nou, laat ons sien, Openbaring 6. Ek kan net nie hiermee haastig wees nie, mense, soos hierdie hier, sien, want dit gaan . . . Ek gaan iets verkeerd beantwoord. Nou, Hy wou nie—Hy wou nie hê ek moes dit doen nie. Dis die waarheid, so help my. Die Heilige Gees van God weet dis die waarheid. Sien? Ek het net . . . Daar is iets net . . . Ek—ek het net daarna gekyk . . . Ek het na die horlosie gekyk, elf-dertig, en ek het gedink: "As ek nie nou gou maak nie, sal ek nie daarby kom om vir die siekes te bid nie." En ek probeer daarby uitkom. Want ek . . . En my gedagtes is so . . . Ek kan nie . . .

273 Onthou, julle sal nou maar moet verstaan, ek is—ek is 'n mens, sien. En ek—ek is al vir sewe dae daarbinne, en my . . . En ek het, vanmiddag, nog iets wat ek van God af moet kry.

274 Maar, Hy was so vasberade dat ek nie daardie fout sou begaan nie, dat hulle my teruggeroep het om die res van daardie vers te lees. Ek het net . . . Dit het net gevoel soos Iets wat daar oor my gekom het, en het gesê: "Gaan terug! Gaan terug!"

Ek het gedink: "'Gaan terug'? Wat? Nou dadelik stop en vir die siekes begin bid? Maar wat—wat is dit? Wat het ek gedoen?"

En net toe ek daarmee wou begin, het iemand gesê: "Lees die vers weer oor." En ek het dit oorgelees. En daar, aan die einde van hierdie vraag, daar was dit, sien: "Openbaring 6."

275 Sien, ek het die eerste gelees. Dit klink wel so, die eerste, sien: "En hulle het 'n nuwe lied gesing."

Maar hieronder, sien julle wat was dit? Die volgende, soos dit afkom: "Het ons gekoop." Sekerlik, dit is die Bruid, die weggeraapte heiliges. "Kan u . . . ?" En hier, sekerlik, het die—die Lam die Boek in Sy hand gehad. Hy het reeds die Troon van middelaarsgenade verlaat. Sien? Sien julle hoe die Heilige Gees daarna kyk? Want, presies, dis dieselfde ding wat ek nou die aand gesê het.

276 Toe Hy met my gepraat het in die kamer, en ek hiernatoe gekom en vir julle almal gepreek het, dat: "Toe die Lam die plek verlaat het." O, goeiste! Ek dink ons sal nou net 'n teksvers neem. Sien: "Die Lam het Sy sitplek verlaat en vorentoe getree," sien, soos ek daarbo gekom het toe Hy teenwoordig was, daardie Lig, wat Christus is; toe Hy teenwoordig was, dit vertel het. Wanneer die Lam daardie sitplek van die Troon verlaat, om 'n Middelaar te wees, is Hy hier, en is die Dag van Verlossing vir die Kerk verby.

277 Die volgende verlossing wat oopgemaak word, is vir die Jode, die honderd vier-en-veertigduisend. Is dit reg? Want Hy het belowe Hy sal die boom uitkap, julle weet.

278 Nou, hier, hier kom Hy nou uit, die Lam, en dan is die Dag van Verlossing verby. En almal wat verlos gaan word, is alreeds verlos en op die Boek geplaas, en Hy is hier besig om die Boek oop te maak. Reg!

279 O, dank U, Here. Sien? Vergewe U senuweeagtige dienskneg wat oor iets probeer gaan het.

Nou, kan jy "hulle wat wit klere gegee is," van Openbaring 6:11 versoen . . .

280 Nou laat ons sien, 6:11. Goed. Waar is ons nou hierby? "Wit klere," ja, dis die—die gekruisigdes, onder die altaar. Die—die Jode, tussen daardie tyd: "Aan hulle is wit klere gegee."

. . .met "hulle wat hulle klere in die Bloed van die Lam gewas het," van Openbaring 7:14?

281 Nee. Nou, dit is anders, beslis. Want, sien, hier, ons vind *hier* uit, dat "aan hulle is wit klere gegee," hier in hierdie tyd. "Aan hulle is wit klere gegee," hulleself, deur genade. En hierdie *hier*: "Het hulle klere gewas in die Bloed van die Lam," en oorkant in Openbaring hier, is dit daardie "groot menigte wat opkom voor God, uit elke stam, taal en nasie." En *hierdie* is direk, presies die martelare, die Jode, julle sien. Nou, nou dit is korrek, nou.

197. Broer Branham, as al die godsvrugtiges in die Wegraping weggeneem word, waar sal die Elía en Moses vandaan kom? Sal hulle Jode wees? Of sal ons Elía, wat aan ons gegee is, by—by hulle wees?

282 Nee. Die—die Heiden wat met hierdie gees gesalf sal wees, om die Heidene uit te roep, sal weggeneem word. Want, julle sien, die hele Kerk, almal, is opgeneem. En hierdie twee profete, van—van die 11de hoofstuk, word afgebring. En die dag van genade is verby vir die Heiden, en is na die Jode toe gestuur. Nee, dit sal nie dieselfde man wees nie. Nou, ek is—ek is baie seker daarvan. Onthou nou, dit is net na die beste van my wete.

Laat ons sien wat dit is, hier sê. Vraag: "Het die koring en wyn. . .?" O: "Het. . .?" K-o-r-i-n-g. Nee, ek skat dit—dit beteken: "Wat het. . .?" Dit het nie 'n "wat" daar nie. Sê net:

198. Het die wat en wyn, of koring en wyn, wat het die. . .van Openbaring 6:6?

Laat ons sien wat dit is, wanneer ek nou hieronder kom, hierdie hier.

> *En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor* sê, *'n Rantsoen koring vir 'n penning, en* 'n rantsoen *gars vir 'n penning;. . .moenie die* wyn *en. . .olie beskadig nie.*

283 Ek skat dit bedoel "die koring en die wyn." Dit was die een, aan die ander.

Eintlik, is dit 'n simbool, die wyn wat by die nagmaaltafel geneem word, van Openb-. . .van Een Korinthiërs 11:24?

284 "Het die wyn—die wyn. . .?" Nee. Een van hulle is 'n geestelike simbool, sien. En die ander een is in werklikheid die—die openbaring van die Woord.

199. Kan dit wees dat die rede waarom baie siek is, is omdat ons nie die Liggaam van die Here onderskei het nie? (Korrek!)

. . .maar nou deur die opening van die Sesde Seël geopenbaar word?

285 Nou, laat ons sien. Laat ek net sien of ek dit nou kan kry. Dis nie jy nie; dis ek. Jy het nie. . .Jy het dit heel goed geskryf; dis net ek.

Kan dit wees dat die rede waarom baie siek is, is omdat ons nie die Liggaam van die Here onderskei nie? (Dit het 'n vraagteken, aan die einde daarvan.)

286 Wel, die Skrif sê, dat: "Baie is siek en swak onder julle, vanweë die onderskeiding van die Liggaam van die Here." Dis presies reg. Want, sien, die Liggaam van die Here, is die Bruid. En baie van hulle gaan weg, en hulle handel nie Daarvolgens nie. Dis waar. Sien, hulle weet nie hoe om hulle te gedra nie. Lewe enige soort lewe; en gebruik nagmaal en dinge. Dis nie reg nie. Sien? Wanneer mense nagmaal gebruik, wat lieg en steel en drink, en, dit—dis—dis verskriklik. Jt behoort dit nie te doen nie. Sien?

. . .maar nou deur die opening van die Sesde Seël geopenbaar word?

287 "Die opening van die Sesde Seël." Laat ons nou sien. Nee. Nou, jy vind uit, die opening hier van die Sesde Seël, was vir die Jode. Sien, die—die Kerk is reeds weg. Dis die Verdrukkingsperiode, so dit sal nie dieselfde wees nie. Nee. Nee. Dit is nie.

288 Een van hulle is 'n geestelike wyn, dis die openbaring van die Woord, dan word die—die gelowige gestimuleer met die openbaring van die Woord. En die ander een is 'n simbool van die Bloed van Jesus, wat aan die Here se tafel gebruik word. Nou, dis so goed soos ek dit verstaan.

200. Sal enigeen wat nie uitverkies is nie, die Here aanneem? As hulle dit doen, sal hulle afvallig raak?

Nie as hulle uitverkies is nie. Nee. Sien, hulle sou nie kon nie.

201. Waar is die Skrif wat wys dat die. . .dat Katolisisme die Jode sal mislei en hulle rykdom verkry?

289 Nou: "Waar sê dit presies dat—dat—dat die dier vir rykdom sal mislei?" Dit sê dit nie so nie. Maar ons aanvaar dat dit was. . . Nou, nou die aand, onthou julle. Gaan kyk baie mooi na die band. Ek het nooit gesê dis wat hulle sou doen nie. Ek het gesê. . .Sien, die Katolieke is die rykste groep in die wêreld. Daar is niemand soos hulle nie. En wat hulle nie het nie, die res het die Jode.

290 Dis waar die ekonomie van hierdie land nou. . .Ons lewe nou al op belastinggeld, volgens *Lifeline*, wat, van die belasting (dit het direk uit Washington, DC gekom) wat oor veertig jaar van vandag af betaal sal word. Dis wat ons nou spandeer. Dis hoe ver ons agter is, gee note, sien, op belasting wat oor veertig jaar van nou af betaal sal word. Die nasie is platsak. Sy is klaar.

291 Nou, Castro, die enigste verstandige ding wat hy ooit gedoen het, was toe hy die geldeenheid vervals het, en die note, die verbande, afbetaal het, en hulle verbrand het, en—en die geldeenheid verander het. Dis al wat hy kon doen.

En daar is net een ding oor wat hierdie Verenigde State kan doen. Nou onthou, dit is William Branham, sien, wat praat. Dit is

my idee. Dit veronderstel net, kyk net daarna uit die natuurlike standpunt, wat 'n miljoen myl van die merk af kan wees. Ek glo wel, dat net daar, in daardie geld. . . "Die liefde vir geld is die wortel van alle kwaad." En ek glo dat dit presies daarin die bal aan die rol sal sit.

292 Nou, die Katolieke kerk destyds, deur te laat betaal vir die mis, ensovoorts, hou die rykdom van die wêreld. Onthou julle, die Bybel het gesê: "Sy was ryk," en hoe sy was. En, onthou, nie slegs net uit een nasie nie. Sy is ryk uit elke nasie wat daar onder die Hemel is. Sy reik uit. Sy het die geld. Nou, wat hulle nie het nie, het Wall Straat, wat deur die Jode beheer word.

293 Nou, en julle onthou, hy het die geld gekry toe Jakob teruggekeer het (ons het gisteraand uitgevind) en Israel geword het. Hy het regtig die geld gehad. Maar sy geld kon vir hom niks koop, sien, by Esau nie. Esau het dit ook gehad. Sien, beide anti, en—en die een. . . Sien, dis net so perfek.

294 Nou kyk hier. Ek het gesê hulle wil dalk saam konsolideer oor die geld, en die—en die Roomse mag kan die Joodse mag oorneem, en van geld, om die verbond te verbreek. Dit is dalk nie so nie. Sien, ek weet hulle sal dit verbreek, maar ek—ek weet nie om watter rede nie, want dis nie aan my geopenbaar wat hulle sal doen nie.

295 Maar kyk. Nou, as vandag, nou wat as ons vandag, al wat ons kan doen, sou wees om so te maak? As ons belasting onttrek (as daardie stelling reg is) van die geldeenheid af, van die belastinggeld van veertig jaar van nou af, julle sien, is ons goud. . . Ons het dit alreeds gespandeer. Ons is platsak. Ons het niks geld nie. En ons lewe net op 'n vorige reputasie.

296 Dis wat die kerk vandag doen, die kerk; nie die Bruid nie. Die kerk lewe op 'n vorige reputasie, wat dit destyds onder die bediening van die leeu-tyd gekry het. "Ons is die Kerk! Ons is die Moederkerk! Ons het begin. . . " Dis reg. Sien? Dit lewe op reputasie!

297 Metodiste lewe op hulle reputasie. Baptiste lewe op hulle reputasie. En Pinksters lewe op hulle s'n. "Glorie aan God! 'n Lang tyd gelede, toe die heiliges nog in die Gees gedans het, en hoe hulle. . . Die Here het *dit* en *dat* gedoen." Dit, dis iets wat verby is. "Ons het nou almal groot geword, broer." O, goeiste! Sien? Alles vorige reputasie!

298 Hierdie nasie leef—leef op 'n vorige reputasie van wat die voorvaders was, sien, en dis waarom ons dink ons sal gered word. God het Israel nooit gerespekteer oor wat hulle was, wat hulle gewees het; wat hulle toe was nie! Let op.

299 Maar, nou, hier is wat ek dink, wat ek—ek dink sal gebeur. Nou, dit sal dalk nie so wees nie. Ek glo die tyd sal kom wanneer ons die saak sal moet aanspreek. En wanneer dit sal wees, dat, in plaas dat ons die geldeenheid verander. . . Wat sal dit aan Philip

Morris doen? Wat sal dit aan die—die whiskey-maatskappye doen? Wat sal dit aan die staal-industrie doen? Wat sal dit aan al die handel doen? Wat sou dit? Dit sou hulle breek. Hulle sal bankrot wees. Maar, as: "Ons daardie geld kan leen." Sien julle hoe slim is hy?

300 Dan verkoop die nasie uit aan die kerk. En dan is die kerk en die staat weer verenig, en daar kom sy. Sien? Dis al. Let op. Goed. Nou, in hierdie:

202. As iemand in 'n geassosieerde organisasie by ons regering is, en volgens die oortuiging van sy eie hart kan praat, of in die laaste-dag se Waarheid is, sal hy as een van die "hoere" genoem word?

301 Laat ons sien. "As iemand in die geassosieerde organisasie is. . .?" Wel, sien, die geassosieerde organisasie; die—die organisasie, dit word regte gegee deur die regering, om te praat. Sien, dit het niks te doen met sy hart nie. Sien? Nou, as hy 'n ware gelowige is, en gebore uit die Gees van God, gaan hy een of ander tyd gestuit word. Sien? Dit kan nie so duidelik wees en dan sien hy dit nie.

302 Nou, ek wil hê jy. . .Sien, jy moet dit onthou, vriend, dat God—God dit nooit doen, of te eniger tyd het, sover ek onthou nie, sien, behalwe as. . .

303 Kyk, Jesus was die—was die sleutel tot dit alles, want Hy was God, Immánuel, wat vlees geword het. Nou, kyk na hierdie—hierdie Kêrel, Jesus. Toe. . .Het julle geweet, toe Hy op die aarde gekom het, was daar nie, reken ek, een tiende van die wêreld wat geweet het Hy is hier nie?

Weet julle, toe daardie voorloper gekom het, toe al "die berge" en dinge sou plaasvind, was daar nie een honderdste van die bevolking van Israel, reken ek, wat ooit daarvan geweet het nie? Is dit nie vreemd nie?

304 Wel, daar was Jode en dinge, en mense regoor die wêreld. Nou, onthou, Jesus het gekom om 'n Getuie te wees, as 'n Verlosser van die wêreld. Is dit reg? Wel, daar was bloot volke, op volke, op volke, op rasse, op mense, wat nooit eens enigiets daarvan geweet het nie. Het reguit voortgegaan, net asof die wêreld niks daarvan geweet het nie; maar, al die tyd, was dit in die wêreld aan die gang. Sien?

305 Waarom het Hy hulle nie laat weet nie? Hy het gekom, en dié wat voorbestem was tot Ewige Lewe was dié wat Hom ontvang het. Dit sou niks gehelp het om enigiets vir die res van hulle te sê nie, want Hy sou hulle nie kon verlos het nie, want hulle was nie eens verlosbaar nie. Waarom was dit, toe daardie priesters daar gestaan het? Toe, Hy na daardie plek toe moes kom, omdat die voorbestemdes daarin uitgeplaas was, daarrond, so Hy moes vir hulle as 'n groep preek.

306 En die groot geleerdes wat Hom behoort te geken het, het gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub. Ons sal nie hierdie Man oor ons laat heers nie, ensovoorts, sien. Ons sal dit nie doen nie."

Maar 'n klein ou prostituutjie, met die Lewe in haar, voorbestemd tot die Ewige Lewe, en haar naam is hier ewig onsterflik in die Woord van God. Het daar opgestap, en, die eerste keer wat daardie Lig daardie saadjie getref het, het sy dit sommer vinnig geweet. [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.]

307 Kyk, 'n ou visserman het daar verbygekom. Hier het Hy daar gestaan, besig om tekens en wonders te doen, en—en verskeie mense die geheime van hulle harte vertel, en Homself geopenbaar.

En, goeiste, daar het Fariseërs daar gestaan, en gesê: "Hierdie man is Beëlsebub." Hulle moes aan hulle gemeentes verantwoording doen.

308 Almal van hulle het daar rondgestaan: "Dr. Jones, sal jy afgaan en na hierdie Man luister? Hy—Hy lyk of Hy weet waarvan Hy praat. Hy praat nie soos gewone mense nie."

309 "Ek sal na hom gaan luister." Het soontoe geloop, sien. Ja, God—God kon nooit by hom uitkom nie.

En daar het Hy daaronder gestaan, en Hy het gesê . . .

Hulle het gesê: "Nou kyk 'n bietjie daar. Kyk daar. Daar kom 'n man daar. Daar is een van Sy dissipels. Daar kom nou 'n man nader. Nou, daardie ou se naam, dis Andréas. Julle onthou. O, onthou julle die ou—die ou vissermanne hieronder? Dis hulle. Ja, daar—daar is Simon, sy broer. Sien? En dis—dis ou Jona se kinders. Nou daar is hulle . . . Kyk, hy—hy bring iemand na Hom toe. Wie is dit? Ja, kyk wat Hy nou gaan doen. Hy's—hy's die volgende daar." En hy loop nader.

En Hy het gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona."

310 "Hierdie man is Beëlsebub! Sien, hy het een of ander soort gees oor hom. Hy's 'n snaakse kêrel. Sien? Om reguit te wees, julle moenie na so-iets luister nie, sien. Bly daar weg. Ek sou glad nie meer enige van hierdie byeenkomste bywoon nie, sien. Net sodra hierdie ding verby is, sal ons hier uitkom. Ons sal nooit weer weg, naby hieraan kom nie." Sien? Wel? Nou, dis wat hy gedink het, en tog was hy veronderstel om die een te wees. Kyk, die einste mense na wie Hy gekom het, was dié wat Hom gekruisig het. Sien?

311 Maar daar was 'n klein prostituut wat almal uitgeskop het! Ek praat nie prostitusie goed nie. Nee, inderdaad nie! Maar ek wys julle net die voorbestemde Saad.

312 Kyk na hierdie vent hier, hierdie ou visserman, kon hy nie . . . Die Bybel sê hy was ongeletterd. Is dit reg? Nie net dit nie, maar hy was onkundig. Nou, is dit reg of verkeerd? O, as ons net onkundig kan raak oor 'n klomp van hierdie

dinge wat ons dink ons weet. Sien? Goed. Sien, hy was beide onkundig en ongeletterd. En toe het hy daar nadergeloop in die Teenwoordigheid van die Here Jesus in, en Hy het vir hom gesê wie hy was. Net daar het dit dit besleg.

313 Nou, wat is hierdie ander kêrel se argument daarteen? "Wel, kyk, hy het dit geglo. Kyk wie is dit. Julle weet wie dit is. Wel, daardie man het nooit . . . Wel—wel, hy's 'n visserman. Wel, hy ken nie sy ABC's nie. Ek het vis van hom gekoop; hy kon nie eens vir my 'n kwitansie skryf nie. Dit, sien, dis die soort goed! Dis die soort mense wat na iets soos Dit luister." Dank die Here. Amen. Sien? "Wel—wel, hy het nie . . . Kyk na sy pa; hy was onkundig. Hy het hulle nie eens skool toe gestuur nie." Maar dis die een wat Hy skool toe gestuur het; geleer het soos Hy hom wou hê.

314 Ek ondersteun nou nie om nie skool toe te gaan nie. Ek hoop julle verstaan. Maar daar is net 'n tipe, sien, wat jy daarin kry. Dis die soort, en hoekom dit bo-oor hulle gaan.

315 En weet julle wat? Nie een . . . Ek, sou sê nie een derde van al die Jode in die land het ooit enigiets geweet van Sy koms nie. En—en, dan, het een—een vyfde van die een derde na Hom geluister. En, dan, het een honderdste van die een vyfde Dit ontvang. Julle weet hoeveel Hy gehad het. Hy het twaalf gehad wat by die kruis gestaan het, uit die hele klomp. Waar's die res van hulle? Sien? Die sewentig het weggegaan.

316 Nou, terwyl Hy die siekes genees het, en net heengegaan het, niks gesê het oor Sy Leer nie; Hy het net voortgegaan, die siekes genees en alles. O, goeiste! Dit, dit was God se Gees op Hom. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Toe Hy die siekes genees het, wonderlik! "Dis 'n wonderlike Rabbi. Sê, al julle broers, julle behoort Hom in julle kerk te hê. Man, julle praat van krag, daardie Kêrel kan regtig die siekes genees! Julle moet dit net sien. Hy het 'n gawe om te genees."

317 Wel, natuurlik, gaan hulle 'n paar nabootsings daarvan hê. Hier kom hulle aan, want elke groep moet sy eie man hê.

Hier kom Hy. En toe, voor jy jou kom kry, het Hy eendag gaan sit.

"O, sekerlik, Rabbi, ons sal saam met U gaan."

318 "Goed, gaan sit. Laat ons gaan." Goed, het die sewentig uitgestuur, ensovoorts.

Toe eendag, na 'n groot wonderwerk gedoen is, gaan sit Hy en begin vir hulle die Woord vertel, sien. "By die begin van die weerklink van die . . . " Goed. Hy begin vir hulle die Woord, die Waarheid, vertel.

Hulle het gesê: "Ag, nou, wag 'n bietjie! Hum! Ek weet nie *hiervan* nie." Dis teenstrydig met hulle leer. Sê: "Wel, ek weet ons het die sinagoge verlaat en alles so aan, maar miskien was ons—ons verkeerd, broers. Ons moet liewer teruggaan, want daardie

man praat in raaisels. Hy's soort van 'n snaakse kêrel. Ek kan *dit* nie verstaan nie." Sien? Wat was dit? Die saad was van die begin af nie voorbestemd nie.

319 Toe, voor jy weet waar jy is, het Hy 'n klein predikersgroepie gehad, en met die predikers begin praat. Hulle het gesê: "A! Hum! Ons moet liewer ook teruggaan, en teruggaan en in die organisasie inkom, maar weer ons papiere opneem, sien. Want, hierdie kêrel, wel, wie kan so 'n man verstaan? Hy sê *dit* hier, en hy sê *dit* hier. A!"

320 Hulle ander het Dit nie so verstaan nie. Hy het raaisels vir sommige van hulle gewys, maar nie vir die ander nie.

So hulle het weggestap. Toe het Hy omgedraai, en na twaalf gekyk wat daar staan. Het gesê: "Wil julle ook gaan?" Sien?

321 Nou kyk. Petrus het gesê: "Weet julle wat? Ek het daardie ou plek daaronder al daardie tyd bygewoon. Waar in die wêreld sal ek heengaan? Waarnatoe sal ek gaan? Waar—waar sou ek heen kon gaan? Nadat ek—ek 'n werk hier gedoen. . . En ek kan nie weer na daardie vullisblik toe teruggaan, waar alle soort afval van die wêreld daarin lê nie. Sien? Ek—ek. . . Waarnatoe sou ek gaan? Ek—ek kan dit net nie doen nie."

322 Hy het gesê: "Goed dan, komaan, gaan dan saam." Nou, daar het julle dit. Sien? Hoe was dit toe dit? Twaalf uit omtrent twee-en-'n-halfmiljoen. En die Verlosser van die wêreld, uit biljoene, maar tog nederig, sien. Bly net nederig. Kyk.

Nou, met al daardie Fariseërs; en daardie klein prostituut het daar nadergekom. Sy het gesê: "Sê, U moet 'n profeet wees! Nou, ons weet dat die Messias kom, en wanneer Hy kom, sal Hy dit doen."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

323 Sy het gesê: "Dis dit," en weg was sy. Probeer haar eenkeer stop? Jy sou dit nie kon doen nie.

203. Broer Branham, groete in die Naam van die Here Jesus. Verduidelik asseblief wie die man, in Matthéüs 22:11, die man wat nie 'n bruilofskleed aan-, bruilofskleed aangehad het nie. Ek weet hierdie man kon—kon nie in die Hemel kom sonder die bruilofskleed aan nie. Dit was 'n gas, weet ek, nie die Bruid nie.

324 Ja, dis reg. Hy sou wees 'n. . . Ja, hy het net ingeglip. Sien? Nou kyk. Nou, ek. . . Daar sou 'n hele preek daaroor kon wees.

Nou, ek het tien minute, om vir die siekes te bid en hierdie klaar te maak. En ek het die helfte van hulle gedoen, reken ek. Let op. Maar ek—ek gaan gou maak, reg, gaan beslis, na hierdie een. Sien?

325 Hier is wat gebeur het, as jy die oosterse gewoontes ken. Sien? Wanneer 'n bruidegom uitnodigings uitgee vir sy troue, gee hy net

soveel uitnodigings uit. En vir elke uitnodiging wat hy gestuur het, het hy 'n portier gehad wat by die deur staan, om 'n kleed oor hom te hang. Of hy arm was, of wat hy ook al was, hy moes . . . of hy ryk was of arm, wat dit ook al was, hy, almal, moes hierdie bruilofskleed dra.

326 Wanneer hulle by die deur gestaan het, het hulle dit op hom gesit, dit het toegemaak wat sy uiterlike was. Hy is uitgenooi, of hy 'n miljoenêr of 'n arme is, of hy 'n boer, slootgrawer, of wat hy ook al is, of 'n plutokraat, hy's—hy's nou hier met die kleed aan. Want, die kleed word by die deur oor hom gehang, wanneer hy by die deur ingaan.

327 Nou, vat vir Johannes 10, dink ek is dit, het Hy gesê: "Ek is die deur." Sien? "Ek is die deur wat ingaan . . . waardeur jy ingaan." Nou daar staan hy in die deur, en hier is die Man om die kleed oor hom te hang, die Heilige Gees, om vir hom die kleed van geregtigheid te gee wanneer hy inkom.

328 Nou, hierdie man het deur een of ander organisasie gekom, hier agter by die venster, een of ander skuiwergat. En hy het by die tafel ingekom en gaan sit. En toe, toe die Bruidegom naderkom en Hy kyk rond, was hy 'n . . . hy . . . *Hulle* was vroeër snaakse eende, nou is *hy* die snaakse eend. Sien? "Wat maak jy hier, so, sonder die doop van die Heilige Gees en al hierdie dinge? Hoe het jy ooit hier ingekom?" Wel, hy het êrens anders as by die deur, ingekom. En hy het sonder die regte uitnodiging gekom. Sien? Hy het deur een of ander opvoedkundige stelsel gekom, sien, of so-iets. Hy het ingekom.

329 En Hy het vir hulle gesê: "Bind hom, hande en voete; gooi hom hier uit, in die buitenste duisternis, waar daar 'n geween, en geskree, en gekners van tande sal wees." Sien? Hy het in die Verdrukkingsperiode ingegaan. Sien? Hy het nie by die deur ingekom nie. So, goed. Vraag:

204. Sal die Elía van Maleági 4 dieselfde wees as Elía wat genoem word in Openbaring 11:3? En is die ander getuies ap- . . . Is die ander twee getuies aparte individue, apart?

330 Ja. Die Elía van Maleági 4 sal nie die Elía van Maleági 3 wees nie. Ons het gisteraand daardeur gegaan. "En is die ander getuie apart, twee van hulle?" Ja, meneer, Moses en Elía; volgens ons openbaring. Nou, ek wil julle nie te lank hier hou nie.

205. Een Konings 19, Broer Branham, ek dink dat die getal wat nie die knie gebuig het nie, was se- . . .

331 Ja, dis reg. Sewehonderd in plaas van . . . Dankie. Dis korrek. Dit was sewehonderd in plaas van seweduisend . . . "Broer Branham . . . " Seweduisend in plaas van sewehonderd. Nou, sien julle daar?

332 Weet julle, regtig, as 'n mens so kom, om te—te preek . . . Ek wil vir julle iets vra, nou, sodat julle sal verstaan.

Toe die Elía uit die wildernis gekom het, het hy een boodskap gehad. Hy het direk uit daardie wildernis uitgestap, en reguit soontoe gekom en vir daardie koning gesê: "Daar sal nie eens dou uit die hemel val, voor ek dit roep nie." Dis die woorde wat hy gehad het. En het weer reguit teruggestap, en vir niemand enigiets gesê nie. Sien?

333 Wanneer hy nog 'n boodskap gehad het, het hy net daar aangekom en hierdie boodskap vertel. En net daar omgedraai, weer uitgegaan, terug in die wildernis in. Sien?

334 Nou, as julle sal kyk, toe ek die hoeksteen onder daardie tabernakel gelê het, het Hy gesê: "Doen die werk van 'n evangelis." En nou kom die uur wanneer daardie werk afskei. Daar vind iets anders plaas. Dan is ek so. . . Sien, ek kom hier en probeer om evangelisasie en iets anders te doen, en sien julle waar beland jy? Sien? Jy's. . . O, ek—ek verwag dat die kerk geestelik genoeg sal wees om te verstaan.

206. Broer Branham, ek verstaan dat Elía drie maal moet kom. Jy vertel vir ons hy was alreeds twee maal, en sal weer kom. Nou, sal die persoon, op wie die gees van Elía sal wees, ook van die twee getuies daar van Moses en Elía wees?

335 Nee. Nee. Hy sal 'n Heiden wees, sien, vir die Heidense Kerk. God stuur, altyd, na sy eie mense toe, sien. "Hy het na Sy Eie gekom; Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Hy stuur altyd Syne, die Boodskap van die uur.

336 Toe God met die Jode gedeel het, het daar nie enige Heidense profete gekom nie. Wanneer God met die Heidene deel, is daar geen Joodse profete nie. Wanneer God terugkeer na die Jode, sal daar geen Heidense profete wees nie. Sien? Sien wat ek bedoel? Goed.

Nadat die Wegraping plaasgevind het. . .

337 Nou, daar sal 'n oorvleuelingstyd wees, natuurlik, een Boodskap oorvleuel met die ander een. Dit moet net *so* inkom, julle sien, soos ek dit verduidelik het, sien; soos Paulus na die Heidene, ensovoorts. Goed.

207. Nadat die Wegraping plaasgevind het, sal enige van die kerk gered word teen die einde, wat nie in die Wegraping opgeneem is nie?

338 Nee. Huh-uh. Want, die Bloed is reeds weg. Sien julle, daar sal geen bemiddeling wees nie. Die Heidense tyd is verby. Daar sal niemand na die Wegraping gered word nie, of geeneen van die kerk, huh-uh, die kerk nie. "Laat hom wat onrein is, steeds onrein wees; hom wat heilig is, steeds heilig wees." Sien? Dit sal nie gebeur nie, sien, nie nadat die Kerk reeds weg is nie.

208. Broer Branham, ek het opgelet jy, jou verwysing na Daniël se sewentig weke in die Eerste Seël Boodskap. Ek verstaan, in Daniël, in die band oor Daniël, wanneer die Evangelie na

die Jode toe terugkeer, sal die sewentig weke begin. Is daar 'n een sewentig . . . een week, sewe jaar, oor vir die Jode? Of, is daar nog net 'n halwe week, een drie-en-'n-half jaar vir hulle oor?

339 Net een halwe week. Jesus het geprofeteer, die eerste halwe week, soos voorspel is. Net een halwe week vir hulle oor.

Broer Branham, aangesien jy nie gedurende die week vir die siekes gebid het nie, sal jy . . . ? (Dis net 'n versoek daarvoor.)

Broer Branham, kan jy my sien na die dien- . . . ? (Dis 'n versoek, sien, daar.)

209. Sal jy asseblief verduidelik oor Satan wat 'n duisend jaar gebind word, en losgelaat word vir die geveg van—geveg van Openbaring 20:8? Watter verband het dit met die Slag van Armageddon soos in die Vierde Seël vermeld? Sal Gog en Magog versamel word uit die mense van die nuwe aarde?

340 Wel, hierdie is 'n lang een, en ek—ek sal maar net die hoofpunte daarvan moet aanraak, sien. Nou, die eerste ding: "Sal . . . ?" Nou, miskien kan ek dit nie verduidelik nie. Ek sal my bes doen.

Sal jy asseblief verduidelik hoe Satan vir 'n duisend jaar gebind word, weer losgelaat word vir die geveg van Openbaring 20:8?

341 Dit is nie die Slag van Armageddon nie. Die Slag van Armageddon vind plaas aan hierdie kant, sien, goed, wanneer die Verdrukkingsperiode geëindig het.

Nou, watter verband hou dit met die Slag van Gog en Magog?

342 Geen. Een is hierdie duisend jaar, en die ander is aan die einde van die—einde van die duisend jaar.

. . . soos in die Vierde Seël vermeld is? Sal Gog en—sal Gog en Magog versamel word uit mense op die nuwe aarde?

343 Satan is losgelaat uit sy tronk, en het al die mense, die boses, gaan versamel, om hulle na hierdie plek toe te bring. En God het vuur en swael uit die hemel laat reën, en hulle is verteer, sien. Twee verskillende gevegte. Vraag:

210. Wat die agt-en-sestigmiljoen betref, wat doodgemaak is deur die Rooms Katolieke kerk, in watter tyd in die geskiedenis het dit plaasgevind? En oor hoe 'n lang tydperk het dit plaasgevind?

344 Neem Schmucker se *Glorious Reformation*. Ek reken party van hierdie geleerdes het dit. En dis die geskiedenis van die kerk. En ek vergeet nou net op watter bladsy dit is, maar dit het plaasgevind van die tyd van die—die . . . die ding is geproduseer, of vir die kerk gegee, deur Sint Augustinus van Hippo, Afrika. Dit was 354 NC. En dit het geduur tot 1850, die slagting in

Ierland, sien. So daardie tyd is van 33 NC. of 30 NC. . . . 354. Laat ek dit nou regkry, sien. Van 3-5-4 NC. tot—tot 1-8-5-0 NC., 1850, volgens die geskiedenis, is daar agt-en-sestigmiljoen Protestante doodgemaak, aangeteken op die Roomse martelaarsrol, omdat hulle van die pous van Rome verskil het. Dis geskiedenis. As jy wil sê dis verkeerd, wel, dan, was George Washington, of Lincoln, miskien ook nie hier nie. Julle weet, nie een van ons het destyds gelewe om dit te sien nie. Maar ek glo in elk geval hulle was hier. Ek sien tekens dat hulle hier was.

211. Broer Branham, die 19de hoofstuk van . . . en die 18de vers: "Tog het Ek vir my seweduisend van Israel, seweduisend in Israel laat oorbly, almal wat nie gebuig het hulle . . . gebuig het voor Baäl, en elke mond . . . of—of gebuig het voor Baäl, en elke . . . wat hom nie gesoen het nie, mond wat hom nie gesoen het nie." Verduidelik dit asseblief vir my, van die—van die sewehonderd.

345 Dit was seweduisend. Sien? En daardie: "wat Baäl soen," weet jy nie . . . Hoeveel hier was voorheen Katoliek? Sekerlik. Sien? Jy soen beelde. Sien?

346 En, onthou, in die tyd van Babilon, en Nebukadnésar, toe die Heidense koninkryk ingetree het, sien; toe Heidense koninkryk ingetree het, het dit ingekom deur aanbidding van 'n man. Nebukadnésar het 'n standbeeld gemaak van 'n man. En as jy 'n geestelike gemoed het, luister nou na hierdie openbaring. Daardie gees, daardie man waarvan hy 'n openbaring gemaak het, of, waarvan hy 'n beeld gemaak het, deur sy openbaring, was Daniël, 'n godsdienstige man wat aanbid word. Sien julle dit? Want, hy het hom Béltsasar genoem, is dit nie? Of, Béltsasar, wat die naam van sy god was. En hy het 'n beeld van daardie god gemaak, wat die beeld van Daniël was. En Daniël het geweier om voor sy eie beeld te buig. Sien? Sien?

347 En hier is dit weer, sien. Nou kyk. Die Heidense koninkryk het ingetree, in die dae van Babilon, deur Koning Nebukadnésar; 'n Heidense koning, wat kerk en staat saamgevoeg het, deur 'n heilige be- . . . of 'n beeld van 'n heilige man te neem, en aanbidding daarvan af te dwing. Die Heidense koninkryk eindig in die voete, met die handskrif teen die muur, deur 'n politieke mag wat kerk en staat saam verenig het; om weer die soen van beelde af te dwing, julle sien, selfde ding, beeld van 'n heilige man. Sekerlik.

212. Broer Branham, wanneer hierdie Wegraping plaasvind—wanneer die Wegraping plaasvind, sal die jong kinders, wat nie reg van verkeerd kan onderskei nie, in die Wegraping gaan?

As hulle name in die Boek is. Ja. Dis reg. Sien? Goed.

213. Broer Branham, jy het gisteraand gesê dat die . . . daar sewehonderd mense was om gered te word, gered sou word onder Elía se prediking. Het jy bedoel sewedui- . . . ?

348 Ja. Dis reg. Vergewe my asseblief daarvoor, sien. Dis alles reg, sien, ek het.

Broer Branham, sal jy interpreteer van . . . ? Na jy geopen . . . Broer Branham, sal die—die (b-e-d-e-l- . . .) **bedeling . . .**

Verskoon my. "Sal die bedel- . . . ?" Nou, dis nie jy nie. Dis ek, sien.

214. Sal die bedeling van genade verby wees, nadat jy die Sewende Seël geopen het?

349 Ek hoop nie so nie. Nee. Nee. Vriende, moet dit nou nie in julle koppe kry nie, sien. Gaan net reguit voort. Spit die aartappels, en gaan kerk toe, en net voort. As dit in die môre plaasvind, moet julle gevind word, besig om presies te doen wat julle veronderstel is om te doen. Moenie—moenie begin . . .

350 Sien, wanneer jy dit doen, draai jy die eintlike ding weg van die—die doel waarvoor dit bedoel is. Jy kry klein, eienaardige gedagtetjies, en jy kry jou eie idees oor dinge. Moenie jou eie idee aanvaar nie. Maar wanneer jy sit en luister na sulke dinge, sê: "Dank U, Here. Ek gaan net 'n bietjie nader aan U wandel." Sien? "Ek gaan wandel . . . " Moenie die werk los en sê: "Ek sal alles verkoop," nie.

351 'n Man het nou die dag hier ingehardloop, van Noord-Carolina af, net voor ons vertrek het. En hy het gesê: "Glorie aan God! Kan jy vir my sê waar een of ander groot *iemand* is?"

En ek het gesê: "Nee."

352 "O, ja, meneer," het gesê: "hierdie kêrel het die . . . " Gesê: "Hierdie kêrel is die president van die Oudio Sending."

Ek het gesê: "Die wat?"

Gesê: "Oudio Sending."

Ek het gesê: "Ek verstaan nie."

En hy het gesê: "O," gesê: "hierdie kêrel is die president."

Ek het gesê: "Wat het jy gesê is sy naam?"

353 Hy het gesê: "Branham, dink ek. So-iets, Brown of Branham."

Ek het gesê: "Wel, my naam is Branham."

Hy het gesê: "Is jy die president van die Oudio Sending?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

Hy het gesê: "Wel, waar is die Millennium?"

Ek het gesê: "Ek weet nie."

354 Hy het gesê: "Wel, jy's 'n . . . Jy—jy bedoel dat dit—dit—dit—dit net hier aan die gang is, en jy weet dit nie?"

Ek het gesê: "Nee, meneer, ek weet nie."

355 Hy het gesê: "Wel, glorie aan God!" Gesê: "Ek het 'n paar—paar vriende wat vir my kom vertel het," en gesê: "ek het my werk gelos." Het nog sy werksklere aangehad. Het gesê: "Broer, ek wil die Millennium hê."

356 En ek het gesê: "Wel, ek—ek dink jy's net 'n bietjie verward, is jy nie, broer?"

357 Omtrent op daardie oomblik het 'n motor nadergery, 'n huurmotor. Sy het gesê: "Wag 'n bietjie! Wag 'n bietjie! Wag 'n bietjie!" 'n Vroutjie het daar aangekom, gesê: "Jy gaan nou vir my man bid."

Ek het gesê: "Ja, mevrou. Wat—wat daarvan?"

358 Sy het gesê: "Wel, ek verstaan 'n mens moet 'n maand vir 'n onderhoud wag, sien, om voor gebid te word."

En ek het gesê: "Wat?"

359 En sy het gesê: "Ja, meneer." Het gesê: "Maar ek is desperaat. Jy moet vir my man bid."

Ek het gesê: "Sekerlik. Waar is hy? Bring hom hiernatoe."

360 Hierdie kêrel het daar gestaan, toegekyk, gesê: "Bid jy vir die siekes ook?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

361 Het gesê: "Wat het jy gesê is jou naam, Branham?" Ek het gesê . . . "En jy weet niks van die Millennium af nie?"

362 Ek het gesê: "Wel, ek . . . Nee, ek weet nie." Ek het gesê: "Ek—ek verstaan dit nie. Net daar in die Bybel."

363 Hy het gesê: "Nee, dis nou. Mense het van oral af gekom."

Ek het gesê: "Waar is dit?"

Hy het gesê: "Jeffersonville, Indiana, reg onder die brug."

364 Ek het gese: "Meneer, jy het my." En ek het gesê: "Ek weet niks daarvan af nie." Ek het gesê: "Kom ons gaan in en gaan sit. Miskien kan ons die ding uitpraat." Ons het, sien.

365 Moenie, moenie, julle sien, vriende, moet nooit 'n bediening begeer nie. Julle weet wat ek bedoel. Sien? Jy sal gelukkiger wees net waar jy is. Sien? Gaan maar net so voort.

215. Na die Wegraping van die Bruid, wanneer staan die kerk, wat deur die Verdrukkingsperiode moes gaan, voor die oordeel? (Dit staan nie voor die oordeel nie . . .) **Is dit voor of na die Millennium?**

Vir "die kerk." O, ek vra verskoning. Verskoon my, wie dit ook al geskryf het. "Wanneer staan die kerk wat . . . ?"

Na die Wegraping van die Bruid, wanneer staan die kerk, wat deur die Verdrukkingsperiode moes gaan, voor die oordeel? Is dit na of voor . . .?

366 Na! "Die res van die dooies het vir 'n duisend jaar nie gelewe nie," wat nie saam met die Bruid is nie. Laat ons sien:

216. Jy het al baiekeer gesê dat kommunisme deur God opgerig is, om Sy doel te dien, soos Koning Nebukadnésar. Nou waar het kommunisme in die prentjie ingepas wat sal . . . dit uiteindelik . . . uiteindelik sal wees? Hoe eindig dit alles? Baie geleerdes glo dat in die koninkryk van die noorde, Gog en Magog wat in die Skrifte genoem word, optree teen Israel in die—in die . . . (ek kan nie mooi uitmaak wat dit is nie. Ja. Ja.) **Ek dink, van die . . . sommige van die bande wat opgeneem is, het gesê, jy het gesê dit sal uiteindelik laat val . . . dat kommunisme uiteindelik Katolisisme, of die Vatikaan, deur 'n ontploffing sal vernietig. Is dit reg?**

367 Ja. Openbaring 16, sal jy dit kry, en Openbaring 18:8 en 12. As die persoon hier is, en hierdie stukkie papier sal neem, daaroor, kan jy dit naslaan. Ja. Sien: "Wee, wee daardie groot stad! Want in een uur het sy aan haar einde gekom." Sien julle, die handelaars, en almal anders, wat vir haar handelsware gebring het. Dit sal gebeur. Dis reg. En moenie . . .

368 Los dit net, vergeet net van kommunisme. Sien? Dis niks meer op aarde as net 'n klomp—klomp mense wat niks anders as barbare is wat—wat goddeloos is nie. Dis 'n stelsel. Laat ek vir julle iets wys, net vir julle wys hoe eenvoudig dit is. Wel, daar's net een persent van die hele Rusland wat kommunisties is. Hulle het 'n boodskapper nodig. Sien? Een persent; dan, is nege-en-negentig persent nog aan die Christelike kant. Een persent, en hoe kan een persent nege-en-negentig persent beheer? Dit behoort dit net daar vir jou duidelik te maak. As God dit nie toegelaat het nie, wel, dan, sou hulle lankal uitgegooi gewees het. Sien? Beslis.

217. Broer Branham, jy het gesê dat Rome die regering van die Jode sal oorneem in die laaste drie-en-'n-half jaar. Gaan dit die—die eerste drie-en-'n-half jaar van die Verdrukking wees, of sal dit die laaste drie-en-'n-half jaar wees? Is dit korrek?

369 Dit sal die laaste drie-en-'n-half jaar wees. Dis reg. Nie die eerste nie, want dit is alreeds verby.

Het nog een na hierdie een:

218. My liewe broer, sal die Maleági 4:5 Elía na die wildernis toe gaan, soos Een Konings 17 vir ons vertel dat die ander Elía het?

370 Wel, ek sal nie juis sê dat hy sal, dat hy na die wildernis toe sal gaan nie. Maar hy sal wees hierdie, julle sien, hy was . . . Elisa en

Elía, het julle opgelet? Meeste sulke manne is manne wat eenkant is; hulle, hulle bly van die mense af weg. Hulle is baie vreemd. Hulle assosieer nie te veel met mense nie.

371 Julle sal oplet oe Elisa, en Elía, en Johannes die Doper, en daardie soort van gees was, julle sien. En hulle het nie. . . Hy—hy, ek glo die man sal 'n liefhebber van die wildernis wees, en miskien in die wildernis bly. Maar, nou, om te sê hy gaan net 'n kluisenaar wees en in die wildernis woon, daarvan weet ek nie. Soms het hulle. Elisa het nie, maar Elía het. En toe, het Johannes, hy—hy het in die wildernis gelewe.

372 En, moeilik om te sê, hierdie ander profete, toe hulle daar uit Judéa uitgekom het, ek weet nie waar hulle sou bly nie. Hulle mag êrens op 'n heuwel gekampeer het. Of—of, wat hulle in die dae van hulle profesie sou doen, ek—ek weet nie wat hulle sou doen nie.

Maar jy. . . Wat ek probeer sê, is dit. "Hulle, sal hulle, sal hulle 'n—'n—'n. . . ?" Hulle probeer vra: "Sal hulle net wildernisbewoners wees?"

373 Wel, hulle sou na die noorde van Brits Columbië moes gaan, om genoeg wildernis te kry om nou êrens in te woon, julle sien. So dit sal iemand wees. . . Die wildernis is alles afgekap. Sien? Daar is nie veel wildernis oor nie. Sien? So, al ding, hulle—hulle kan dalk 'n liefhebber van die wildernis wees, sien, en miskien baie in die wildernis bly, en hulle sal. . . Jy kan hulle aard oplet, is daardie wat nie toegee nie, sien, en julle sal—julle sal dit herken as dit kom. Sien? Julle sal dit sien; julle is—julle is wawyd wakker.

374 Nou, hier is een, ek weet nie hoe om dit aan te raak nie. En ek het nog een net voor hom, en dan gaan ek hulle vra om die band net vir 'n oomblik af te sny.

219. As God een persoonlikheid is, waarom of hoe kon Hy met Homself praat op die Berg van Verheerliking?

375 Wel, ek het dit pas verduidelik, julle sien. Sien? Ek wil julle graag dit vra. Ek gaan. . . Toe Jesus tot die Vader gebid het, julle sien.

[Broer Branham begin praat met 'n broer in die gemeente—Red.] Ek glo jy het die doop van die Heilige Gees. Het jy nie, broer? Sal jy nie net vir 'n oomblik opstaan nie. Maak jy daarop aanspraak om die doop van die Heilige Gees te hê? [Die broer sê: "Ja, meneer."] Ek ook. Dan, wat is dit? Dan maak ek nie daarop aanspraak dat ek die—ek, in myself, die kragte het om hierdie verborgenhede te ontvou nie. Ek het nie die krag om die siekes te genees nie. Dis God.

376 [Broer Branham gaan voort om met die broer in die gemeente te praat—Red.] Ek reken jy's 'n prediker. As ek dit nie mis het nie, is jy van Arkansas. Goed, nou. En in jou, wat jy het, is—

is om die Evangelie te verkondig. Gewoonweg, is jy op 'n plaas en daarrond grootgemaak. Jy weet net niks daarvan nie; maar Iets het in jou ingekom, om die Evangelie te verkondig. Jy maak glad nie daarop aanspraak dat dit jy is nie. Dis 'n ander Persoon, naamlik die Heilige Gees. Is dit reg? ["Ja, meneer."] Goed.

377 [Broer Branham gaan voort om met die broer in die gemeente te praat—Red.] Nou wil ek vir jou vra. Het . . . Daardie Heilige Gees woon in jou. Is dit reg? [Die broer sê: "Dis reg."] Praat jy met Hom? ["Ja, meneer."] Praat met Hom? Bid tot Hom? Goed. Dis al wat ek wil hê. Baie dankie.

Sien? Begryp julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

378 Ek sal vir julle een vra. Hoe het dit gekom dat toe . . . Jesus, in Johannes 3, het Hy gesê: "Wanneer die Seun van die mens sal wees, wat nou in die Hemel is." Sien? "Nou in die Hemel is; sal te- . . . na die aarde kom." Sien? "Die Seun van die mens wat nou in die Hemel is," en hier het Hy net hier met die persoon staan en praat. Nou antwoord julle vir my daardie een. Jesus en die Vader was een en dieselfde Persoon.

379 Net dieselfde as die Heilige Gees in my; julle kyk na my wat preek, maar dis nie ek nie.

Dis nie ek wat 'n woord kan spreek wat, soos julle weet, 'n dier kan bring nie; daar sit en kyk daarna, en die dier doodmaak en dit eet. Dis skeppingskrag. Dit lê nie in 'n menslike wese nie.

380 Dis nie ek wat 'n seuntjie hier kon neem, wat lê . . . Die dokters het hom op sy rug laat lê, met hartprobleme, vanaand. En sê: "So spreek William Branham"? Nee. "SO SPREEK DIE HERE, dis verby." En hom daar na die dokter toe vat, die volgende dag, en dis alles weg.

381 'n Kind met leukemie, dat sy oë al uitpeul, en heeltemal geel, die maag; totdat hulle hom hospitaal toe neem, om bloed en dinge te gee, om hom selfs net hier te kry. En binne vyf minute, huil vir 'n hamburger! En haar terugvat dokter toe, die volgende dag, en kan nie eens 'n spoor daarvan kry nie. Dis "So spreek William Branham"? Dis "SO SPREEK DIE HERE!" Tog, is Hy 'n individu apart van my, maar die enigste wyse waarop Hy uitgedruk word, is deur my. Sien?

382 Dis hoe Jesus en die Vader was. Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie; dis My Vader wat in My woon."

Nou: "Die Seun van die mens sal opvaar van die Hemel, wat nou in die Hemel is." Sien? Wat was dit? Hy was alomteenwoordig, want Hy was God.

383 Nou, hierdie ander een, ek . . . [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] Ek wil hierdie woorde sê.

Verduidelik waarvan jy gepraat het . . .

[Leë kol op band. 'n Broer praat in die gemeente.—Red.]

Dank U, Vader God. Ons dank U vir die Gees, dat U hier is. En vir ons word gesê, Vader, dat eenkeer, toe, die vyand daar ingekom het, en die Gees op 'n man geval het en vir hom geprofeteer het, en vir hom vertel het. Dit het die ding reggestel, dat hulle geweet het hoe om die vyand te gaan verslaan, en waar om die vyand te kry.

384 En ek dank U, Vader, dat U dieselfde God bly wat U altyd was. U is nog net dieselfde. Ons verander, en eeue verander, en tye verander, en mense. Maar U verander nooit. U stelsels is dieselfde. U genade is dieselfde. U werke is dieselfde, want hulle is wonderbaarlik, en ver bo die kennis van die mens om ooit te verstaan.

385 So ons is dankbaar, Here, dat U geheime in die harte van U diensknegte versteek is. En ons is so bly hieroor, Here. En mag ons uitgaan as skynende Ligte, om . . . van plek tot plek, en probeer, met liefde, om—om ander in te bring; dat ons die net in elke klein hoekie kan trek, en die net ingooi, om seker te maak dat ons elke vis kry wat aan U behoort. En dan sal die Lam Sy Bruid kom haal, om vir ewig aan Sy sy te wees. Ons wag op daardie tyd, deur Jesus Christus' Naam. Amen.

386 Hoeveel siekes is hierbinne? Laat ons julle hande sien. Wel, dit lyk na omtrent . . . Hou julle hande weer op. Omtrent een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, negentien, twintig . . . [Broer Branham en iemand anders gaan voort om die opgesteekte hande in stilte te tel—Red.] Sewe-en-veertig, omtrent sewe-en-veertig. Goed.

387 Dis elf-dertig. Ons kan nou gou vir die siekes bid; vanaand eenkant hou vir die—vir die . . . Sal julle, sou julle daarvan hou om dit te doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

388 Ek reken nou sou 'n goeie tyd wees om dit te doen. Sal vir julle sê hoekom: die Heilige Gees, wat net hierbinne staan, is besig om te salf. Nou, sover ons nou in daardie Gees opbeweeg het, sien, en julle sien daardie Iets, julle weet dat Iets—Iets teenwoordig is, sien. En as jy ooit sou kon glo, behoort jy dit nou te glo. Sien? As jy ooit gaan glo, is dit nou.

389 Nou, ons wil hê julle moet net baie stil kom. En laat dié wat in daardie paadjie *daar* is, wat hulle hande opgesteek het, uitstap in *hierdie* paadjie in, en dan *hierlangs* afgaan. En dan vat ons hulle paadjie vir paadjie. En net vyf-en-veertig—vyf-en-veertig, sewe-en-veertig van hulle; dit sal nie baie verg nie.

390 Ek gaan vir Broer Neville vra of hy sal kom, net hier saam met my sal afstap, en ons gaan vir hulle bid.

391 Eerste, hulle wat nou in die paadjie inkom, staan nou net vir 'n oomblik op, sodat ons hier vir julle kan bid en die hande op elkeen kan lê. Nou, dis reg, net almal wat in die gebedsry gaan inkom, sien, hulle wat in die gebedsry gaan inkom. Sien? Nou—

nou, sien, om tyd te spaar, sodat ons dit sekerlik sal kry, gaan ons nou vir julle bid.

392 Kyk, vriende. Laat ek dit nou vir julle verduidelik. Jesus Christus het dit gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou kyk. Hy het nooit gesê: "As hulle vir hulle bid," nie. "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word!" En as God 'n onfeilbare geval van leukemie kon neem, en 'n klein dogtertjie wat nie vir haarself geloof kan hê nie, en daardie ding volkome gesond kan maak; as Hy die volgende geval kan neem, 'n klein ou seuntjie, en hom so genees dat die dokters nie eens enige rumatiekkoors in sy bloed of enigiets anders kan vind nie; wat kan Hy vir jou doen? Nou daardie ou kleintjies, hulle verstaan nie wat gebed sou wees nie. Maar het net hande op hulle gelê, en dit het dit gedoen. Ons kan dit verstaan.

Nou, terwyl julle nou staan, om te bid.

393 Hemelse Vader, met U groot Teenwoordigheid, wat hier lê, die groot Heilige Gees, die Een waarvan ons die foto het, die Een waarvan ons in die Bybel lees, Hy is nou net hier teenwoordig. Hy openbaar Homself deur menslike vlees.

394 Hoe het ons Hom nie gesien nie, sonder om een keer te faal, deur die jare, om in staat te wees om die einste gedagtes van die menslike hart te openbaar, die sondes wat hulle gedoen het te openbaar, vir hulle te sê presies wat gebeur het en wat sal wees, sonder om een keer te faal! Dan, weet ons dat die God van Abraham, Isak, en van Israel, steeds God bly, in die Persoon van Jesus Christus.

395 En nou deur Sy Gees wat van die Hemel af neerdaal, onder die Bloed wat gestort is op Gólgota, afkom onder die mense, om Homself in menslike vlees te manifesteer, net voor die verbranding van die wêreld; die groot Heilige Gees in menslike vlees verteenwoordig. Daardie kosbare mense wat die Bloedversoening aanvaar het, en die Heilige Gees neem van hulle wese besit; God, in menslike vlees verteenwoordig.

396 Daarom, sal dit nie die menslike vlees wees nie, eintlik maar net om die daad te verrig, soos in doop of sovoorts, met 'n opdrag, dat: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Deur hande op die siekes te lê, sou die Heilige Gees toesien dat hulle gesond word, as hulle sou glo. Nou, Vader, ons weet dat hierdie dinge waar is.

397 Hierdie mense wat staan, gaan verbykom onder die hande van predikers wat hierdie Heilige Gees ontvang het, en hulle is gereed, Here, om hande op die siekes te lê. En ons weet, Vader, dat as hierdie mense maar net sal glo! Net soos wat elke Woord wat U beloof het, moet gebeur, so moet . . . En dit kan nie sonder geloof gebeur nie, want dit is onmoontlik om God te behaag sonder geloof. Ons kan dit net nie doen nie.

398 En nou met geloof, glo ons, met hierdie belofte wat voor ons lê, met die Seëls van die Bybel wat vir ons geopen is, dat God Sy Woord hou! Mag hierdie kosbare mense, wat siek is, Here, . . . en my gevoel vir hulle, as 'n menslike wese in 'n sterflike liggaam soos hulle s'n. En nou hulle . . . dieselfde Heilige Gees wat binnein ons woon, Here, woon in hulle. En ons kry mekaar jammer. En in die wete dat die nuwe Verbond in die nuwe Bloed . . . As die oue genesing gebied het, hoeveel te meer sal hierdie "nuwe en beter" dit doen? Vader, mag dit so wees, dat hierdie mense nie sal faal nie, maar hulle genesing sal ontvang soos wat hulle by die hande van U diensknegte verbygaan, deur Jesus Christus' Naam. Amen.

399 Nou—nou, ons sal, *hierdie* kant sal gaan sit, terwyl *hierdie* kant deurkom. En dan sal *hierdie* kant teruggaan, en die ander kant . . . Nou, party van julle broers hier, wat sal opstaan. Ek meen julle is predikers hierlangs, almal van julle daarlangs.

Waar is Doktor, Broer Ned? Sou jy in die gebedsry wees, Broer Ned? [Broer Ned Iverson sê: "Ja. Ek staan in vir iemand anders."—Red.] Goed, Broer Ned. Goed. Sodra daar vir jou gebid is, val net in die ry in.

400 Nou laat hierdie aan hierdie kant *hier*, net gaan sit net vir 'n oomblik, en ek sal dié van *hierdie* kant neem. Dan, dan sal ons afkom en die middelpaadjie neem, en hulle *hierlangs* terugstuur. Dan *hierdie* paadjie neem, en hulle *hierlangs* deurstuur, en ons sal vir almal bid.

401 Ek gaan vir Broer Teddy vra . . . Waar is hy? [Broer Teddy Arnold sê: "Net hier."—Red.] Goed. Ek wil hê jy moet daarop speel: "Die groot Geneesheer is nou naby." En die pianis, waar hulle ook al is, speel saam met hom, asseblief.

402 Luister, onthou julle die keer waar dit gespeel is, en 'n klein seuntjie op die platvorm uitgebring is? Die Amish-meisietjie het "Die groot Geneesheer is nou naby" gespeel. Sy het lang, donker hare gehad, of—of blonde hare, liewer, 'n Mennoniet- of 'n Amish-meisietjie, een, wat agter oor haar kop lê.

403 En die Heilige Gees het die klein seuntjie aangeraak, net deur hande op te lê; kreupel in sy voete. En hy het van my arms afgespring, en afgehardloop deur die platvorm. Sy moeder het opgestaan en teruggeval; 'n Mennoniet, glo ek, om mee te begin.

404 En die Gees van God het hierdie Mennoniete meisie, of Amish, wat sy ook al was, aangeraak. Haar pa-hulle het daar gesit, met die . . . hulle klere aan, as Mennoniete, of wat dit ook al was. En sy het van die klavier af opgespring, met haar hande in die lug op. En haar pragtige hare het oorgeval; sy het soos 'n Engel gelyk. Het in die Gees begin sing; en terwyl sy dit gedoen het, het die klavier aanhou speel: "Die groot Geneesheer is nou naby, die simpatieke Jesus."

405 Almal het daar gestaan, duisende, afgekyk op daardie klawers wat op-en-af beweeg: "Die groot Geneesheer is nou naby, die simpatieke Jesus." Mense het uit rystoele uit opgestaan, van beddens af, draagbare, begin loop.

406 Daardie selfde Here Jesus is net hier, vanoggend, net dieselfde as wat Dit toe was. Glo nou net.

Speel daardie lied, asseblief: *Die Groot Geneesheer*.

Laat almal nou bid.

Laat hulle net deur die kamer loop, net *hierlangs* gaan, en reg tot by jou sitplek of waar jy wil heengaan, soos wat jy jou weg vind. Is dit vir julle duidelik daaragter? Goed. So, gaan reguit terug tot by 'n sitplek, dan sal ons opstaan.

407 Nou luister. Terwyl daar vir dié gebid word, bid julle vir hulle. Dan wanneer daar vir jou gebid word, sal hulle vir jou bid.

Nou, julle predikers hierlangs, staan op. En ek wil hê julle moet die hande op hulle lê soos hulle verbykom.

408 Nou, almal, hoofde gebuig, en hou julle hoofde gebuig. Hou aan met bid. En wanneer jy verbykom, dan lê . . . word hande op jou gelê. Onthou, dit is 'n belofte van die God wat die geheime van Sy Boek openbaar, die geheime van die menslike hart. Hy is die God wat dit sal bevestig, as jy dit sal glo. Sien? Nou almal in gebed.

Nou, julle prediker-broers, staan op hier, as julle sal.

Goed, kom ons buig ons hoofde.

409 Nou, Here Jesus, soos hierdie mense kom, mag die Krag van die Almagtige God hulle geloof onmiddellik versterk wanneer hulle verbygaan, alles in Jesus' Naam.

410 Nou, goed, laat die ry begin, *hierlangs*. Vra elkeen, lê die hande op hulle, julle predikers, soos hulle verbykom.

411 [Broer Branham en die predikers begin bid en hulle hande lê op elke persoon wat deur die gebedsry kom, terwyl die orrelis voortdurend *Die Groot Geneesheer* speel—Red.]

In die Naam van die Here Jesus!

Ek lê my hande op, in die Naam van die Here Jesus, my broer.

In die Naam van die Here Jesus!

God, skenk dit aan my suster, Rosella, in Jesus' Naam.

In die Naam van Jesus Christus!

In die Naam van Jesus Christus!

412 Bly jy; kyk daarna tot die ry eindig.

In die Naam van die Here Jesus! . . . ? . . .

Onthou, Hy is nederig. Kom nederig.

413 [Broer Branham se woorde word hier net gedeeltelik gehoor, en is onvoldoende om die volledige gedagte wat uitgespreek is, te

druk. Gebedsry gaan hier voort vir ses minute en vyf-en-twintig sekondes—Red.]

414 [Leë kol op band. Broer Billy Paul Branham stap na die mikrofoon toe en sê: "Sal julle mense na agtertoe aanskuif, asseblief? Sal julle mense wat in *daardie* paadjie staan, uit die paadjie uitbeweeg en agtertoe gaan? Hou aan agtertoe gaan, asseblief. Dankie. Julle mense in die middelpaadjie, sal julle ook omgaan?"—Red.]

415 [Broer Branham se woorde word hier net gedeeltelik gehoor, en is onvoldoende om die volledige gedagte wat uitgespreek is, te druk. Gebedsry gaan hier voort vir twee minute en twintig sekondes—Red.]

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, Broer Mitchell.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, my broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang genesing, my broer.

Ontvang jou genesing van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing.

Ontvang genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang genesing, suster.

Ontvang genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, my suster.

Ontvang genesing, broer.

Ontvang jou genesing, suster . . . ? . . .

Ontvang jou genesing, suster . . . ? . . .

Ontvang jou genesing, broer.

Ontvang jou genesing.

Ontvang jou genesing, broer . . . ? . . .

Ontvang jou genesing, suster . . . ? . . .

Ontvang jou genesing van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing.

Ontvang genesing, suster . . . ? . . . , van Jesus Christus.

Ontvang genesing.

Ontvang genesing . . . ? . . .

Ontvang genesing, my broer, van Jesus Christus.

Ontvang genesing.

Ontvang genesing, suster . . . ? . . .

Ontvang die genesing, in Jesus Christus' Naam.

Ontvang die genesing, in Jesus' Naam. Amen.

Ontvang genesing.

Ontvang genesing.

Ontvang jou genesing.

Ontvang jou genesing.

Ontvang jou genesing van Jesus Christus.

416 [Broer Billy Paul Branham stap na die mikrofoon toe en sê: "Nog iemand vir die gebedsry? Sal u asseblief ingaan. As daar nog iemand in die gebedsry wil wees, sal u asseblief ingaan."—Red.]

Ontvang jou genesing, my broer, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

417 Ontvang jou genesing, Suster Wood, uit die hand van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing . . . ? . . .

Ontvang genesing . . . ? . . .

418 Ontvang genesing, Suster Roberson, deur die hand van Jesus Christus.

Ontvang genesing, my broer, deur die hand van Jesus Christus.

Ontvang genesing, suster . . . ? . . . , uit die hand van Jesus Christus.

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing.

Genees hom, in die Naam van Jesus Christus.

Ontvang genesing, suster . . . ? . . .

Ontvang jou genesing, seun, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, suster, van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Broer Weerts, ontvang jou genesing, broer, van Jesus Christus.

Suster, ontvang jou genesing van Jesus Christus.

Ontvang jou genesing, broer . . . ? . . .

Broer, deur die Naam van Jesus Christus, ontvang . . . ? . . .

In die Naam van Jesus Christus . . . ? . . .

In die Naam van Jesus Christus . . . ? . . .

In die Naam van Jesus Christus ons Here, ontvang jou genesing.

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing, my broer.

In die Naam van Jesus Christus . . . ? . . .

In die Naam van Jesus Christus, ontvang jou genesing, suster.

In die Naam van Jesus Christus . . . ? . . .

419 [Broer Billy Paul Branham stap na die mikrofoon toe en sê: "Is dit nou almal wat voor gebid wou word?"—Red.]

420 [Broer Lee Vayle praat met Broer Branham—Red.] Mag die hand van die Here Jesus aan jou, Broer Vayle, hierdie versoek vir jou geliefde skenk, in Jesus' Naam.

421 [Broer Billy Paul Branham praat met Broer Branham—Red.] Billy Paul, soveel kaarte soos jy uitgegee het, ontvang nou jou genesing, in die Naam van Jesus Christus.

Die groot Geneesheer is nou naby,
Die simpatieke Jesus,
Hy stem die droewig' hart weer bly,
O, hoor die stem van Jesus.

Almal saam:

Soetste Naam in sérafslied,
Soetste Naam ooit aangebied,
Soetste lied nog ooit gesing,

422 God, op hierdie lieflike paartjie wat in die wêreld gebring het, een van die . . . ? . . . Mag hulle hulle versoek ontvang, Here, in die Naam van Jesus Christus.

423 . . .?. . . van Jesus Christus, mag ons suster se persoon, wat sy nou net in haar gedagte het, mag die krag van God met daardie versoek gaan. Mag sy verlos word. Skenk dit, Here. Amen.

424 Here God, in Jesus' Naam, skenk hierdie man se versoek. Ek bid vir hom, Here, met my gebed. Amen.

425 O, is dit nie wonderlik nie! [Gemeente juig en sê: "Amen."—Red.] Ek glo dat as elke persoon wat hier verbygekom het, vanmôre, onder hierdie geweldige salwing, ek—ek glo as jy net sal. . . Nou, moenie uitkyk vir een of ander groot iets nie. Onthou net die eenvoudige ding deur te glo wat Hy belowe het.

426 Nou kom ons sê dit almal saam. [Gemeente herhaal agter Broer Branham aan—Red.] Ons kyk nie vir iets groots nie, maar in Jesus' Naam, ontvang ons Sy belofte.

427 Dit handel dit af. Dit maak dit oor. [Gemeente sê: "Amen," en juig kliphard—Red.] Amen! God seën julle!

Vrae en Antwoorde oor die Seëls AFR63-0324M
(Questions And Answers On The Seals)
Die Openbaring Van Die Sewe Seëls reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 24 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org